



Biblioteek- en Inligtingsdiens
JAARVERSLAG
2023

is in the epping. Who want ~~to~~ See us. Knotted by
Dead recorded their album in summer or fall in
the forest at Rabbit. Spiders run black and
brown like. After ~~the~~ album tell us more.
so therefore deepotic ~~the~~ guitaristic Drama ~~the~~ ~~the~~ ~~the~~
guitarists more than video a fling ad. ~~the~~ ~~the~~ ~~the~~
~~the~~
~~the~~
~~the~~

78/1132

is in the epping. Who want ~~to~~ See us. Knotted by
Dead recorded their album in summer or fall in
the forest at Rabbit. Spiders run black and
brown like. After ~~the~~ album tell us more.
so therefore deepotic ~~the~~ guitaristic Drama ~~the~~ ~~the~~ ~~the~~
guitarists more than video a fling ad. ~~the~~ ~~the~~ ~~the~~
~~the~~
~~the~~
~~the~~

LEENBOSSE HEEMKRING	
18 FEB '80	78/1132
J.S. De Jager Magazinstr. 9. St/B	
22 FEB '80	S. Bosch
I Meter.	Bantoeuwweg 171 S'bach.
15 MAR '85	Heemscede S'B
15. Rus 28. FEB '85	MAR '85

Inhoudsopgawe

in matell panel 12.50
Eddy's must be to
the high value an
Mortid aged. The
want ~~to~~ See us. Knotted
them in summer or fall
Spiders run black and
brown like after album tell us more.
so therefore deepotic ~~the~~ guitaristic Drama
guitarists more than video a fling ad.

1	Inleiding	2
2	Hoogtepunte	6
3	ONS DIENSTE – responsief, sowel digitaal as fisiek	10
4	ONS VERSAMELINGS – deurbreekte grense	18
5	ONS TEGNOLOGIE – 'n voorste digitale ervaring	28
6	AKADEMIESKAP – gee vorm aan die toekoms van akademiese verkenning	32
7	VENNOOTSKAPPE – bande wat saamweef	44
8	ONS MENSE – bekwaamheid in 'n diverse personeelkorps	48
9	Ander Werksaamhede	54
10	Slotopmerkings	60

Jy moet die verlede ken om die hede te verstaan



"Brons borsbeeld van Afrikaanse skrywer C Louis Leipoldt"

Inleiding



"Briefstempel van voormalige US Rektor, HB Thom"

Inleiding

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens (BID, hierna 'die Biblioteek') het in 2023 weereens probeer om die dinamiese aard van opvoeding, tegnologie en die verspreiding van inligting te weerspieël. Ons het dit gedoen deur steeds 'n veelfasettige saamtrekpunt te wees wat digitale tegnologieë, samewerkende ruimtes en innoverende dienste bymekaarbring. Ons bibliotekarisse het hulle kundigheid oor inligtingsgeletterdheid, digitale geletterdheid en navorsingsdatabestuur aangewend om studente en navorsers deur die komplekse inligtingslandskap te begelei.

Die jaar het die bekende patroon gevvolg van studente wat die US Biblioteek se voorportaal gedurende eksamens en ander spitstye oorstrom. Dit getuig daarvan dat die Biblioteek se fisieke ruimtes steeds tersaaklik vir leer en navorsing is.

Ons het vanjaar die derde jaar afgesluit van Strategic Directions ('Strategiese Koersbepalers') 2021-2025, ons plan ter ondersteuning van die US se Visie 2040 om die toonaangewende navorsingsintensieve universiteit in Afrika te wees wat wêreldwyd erkenning as uitnemend, inklusief en innoverend geniet; 'n plek waar ons kennis in diens van die samelewning bevorder. Ons gebruik elke jaar die geleentheid om ons strategiese koersbepalers en prioriteite krities te assesseer en evalueer.

Die Biblioteek se vernaamste prestasies in 2023 sluit die volgende in:

Ons het die Open Repositories-konferensie van 12 tot 15 Junie aangebied – die eerste keer dat dit in Afrika gehou is! Dit was 'n geleentheid om die maniere te verken en te oordink waarop bewaarplekke die opspoorbaarheid en onderlinge bedryfbaarheid van inligting en data binne die gestruktureerde web moontlik maak.

Nog 'n eerste-universiteit-in-Afrika-mytpaal was die sertifisering van ons institusionele databewaarplek, SUNScholarData, deur CoreTrustSeal. Nou kan US-navorsers vir seker weet dat hulle data gehou word in 'n gesertifiseerde, betroubare bewaarplek wat aan internasionale standaarde vir dataversameling, beoordeling en bewaring voldoen.

Die Biblioteek het besonder goed gevaaer by die jaarlikse MACE-toekenning vir uitnemendheid in die bemarking van, bevordering van en kommunikasie in opvoeding. Die 33 prys wat die US vir ons TikTok-aktiviteite ingejoes het, het 'n silwer toekenning ingesluit. Die Biblioteek se oogmerk met ons sosialemedia-aktiviteite is om die kennispanding te oorbrug en 'biblioteek-angs' onder studente te verlig, asook om kommer te besweer oor hoe om biblioteekruimtes te nавigeer en om benutting van biblioteekbronne te stimuleer.

Ter bevestiging van ons belyning met die Universiteit se kern-strategiese tema om 'n voorkeurwerkgewer te wees en met

die Biblioteek se eie strategiese doelwit om 'n bevoegde, diverse en beweeglike personeelkorps te ontwikkel en in stand te hou, het 'n hoogs gesogte eer ons Senior Direkteur, me Ellen Tise, te beurt gevall: Ter erkenning van haar uitmuntende bydrae tot die biblioteekwese en haar onwrikbare verbintenis daartoe om gemeenskappe te dien, het sy 'n toekenning vir lewenslange prestasie vanaf die Suid-Afrikaanse Biblioteek- en Inligtingstrust (SALI) en die Biblioteek- en Inligtingsvereniging van Suid-Afrika (LIASA) ontvang.

Ons het ons prestasies van vorige jare verder verryk en gekonsolideer. In Mei het ons 'n baie geslaagde Biblioteeknavorsingsweek aangebied. 'n Rekordgetal personele het dit bygewoon. Deelnemers is bemagtig deur middel van #SmartResearcher- en #SmartStudent-programme: werksessies wat wil sorg dat ons aan kliënte 'n biblioteekervaring verskaf wat glad verloop en positief is. As deel van ons strewe om personeel te ontwikkel en om interne oordrag en behoud van kennis te verseker, is 'n #SmartStaff-program ingestel as platform waar personeel mekaar rakende verskeie aspekte kan bemagtig. As ons geen interne kundigheid oor iets het nie, betrek ons eksterne fasiliteerders om hulle kennis met ons te deel.

Oop toegang bly een van die hoekstene van ons agenda vir navorsingsondersteuning. Die Biblioteek het deur middel van ons Senior Direkteur – veral in haar hoedanigheid as voorsitter van die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek- en Inligtingskonsortium (SANLiC) – 'n skarnierfunksie verrig in onderhandelings met uitgewers vir gunstige bepalings rakende ooptoegangpublikasies. Hierdie transformerende ooreenkoms (ook bekend as 'lees-en-publieer-ooreenkoms') was hoog op die sakelys vir 2023. Die gevolg was dat party uitgewers van artikelverwerkingskoste (AVK's) afstand gedoen het, hetsy in die geheel of gedeeltelik, vir navorsers aan akademiese instellings in Suid-Afrika – sonder dat die navorsers hulle kopiereg hoef op te gee. SANLiC, waarvan die US lid is, het meerjarige transformerende ooreenkoms met 11 uitgewers gesluit, onder meer die American Chemical Society, Cambridge University Press en die Royal Society. Hierdie en ander ooptoegangswerksaamhede het bewys dat ons onwrikbaar tot oop toegang tot akademiese inligting verbind is.

Ons bly verbind tot inklusiwiteit en transformasie aan die US. Ons bydrae tot visuele regstelling is in 2023 voortgesit deurdat die Biblioteek twee projekte deurgevoer het wat met hierdie onderneming verband hou: die herinrigting van die vergaderlokaal by Spesiale Versamelings en die installering van 'n boek-muurskildery in die Leersentrum. Hierdie projekte is betekenisvol omdat hulle 'n inklusiewe omgewing skep waar mense bymekaarkom en idees uitruil; dit verryk ook die estetiese aspek van die US Biblioteek se ruimtes.



Figuur 1: Spesiale Versamelings personeel in die US Biblioteek (van links) Patricia Khati, Marieta Buys, Busiswa Mofu en Pakama Ncume





Hoogtepunte



Hoogtepunte

Open Repositories 2023

Die 18de internasionale Open Repositories-konferensie (OR2023) was die eerste een wat in Afrika gehou is. Dit het van 12 tot 15 Junie by die Lord Charles Hotel in Somerset-Wes plaasgevind en byna 300 kundiges uit 41 lande gelok. Sprekers vanuit 'n wye spektrum sektore het met mekaar omgegaan oor voorpunttegnologieë, innovasies en beste praktyk vir databewaarplekke. Die konferensie het boeiende insigte en moontlike oplossings gebied vir party van die dringendste hedendaagse inligtingsbestuursprobleme.

Die OR2023-tema was hoe om bewaarplekke vir opspooraarheid en onderlinge bedryfbaarheid te ontsluit: 'Repositories unlocked for discovery and interoperability'. Twee van die verskeidenheid subtemas was van besondere belangrik in die Afrikakonteks: hoe oop bewaarplekke die onbevooroordelde opspooraarheid van inheemse kennis faciliteer ('Unbiased discovery of knowledge: Open repositories facilitating the unbiased discovery of indigenous knowledge') en hoe om bewaarplek-inhoud met UNESCO se doelwitte vir volhoubare ontwikkeling in verband te bring ('Sustainable development: Linking open repositories content to the UNESCO Sustainable Development Goals [SDGs]').

Na twee dae van akademiese gesprekke en werksessies is die afgevaardigdes op 13 Junie met 'n funksie in die Endlersaal onthaal. Prof Wim de Villiers het die verwelkomingstoespraak gelewer en die Suid-Afrikaanse Jeugkoor het opgetree. Die OR2023-galadine van 14 Junie was by die Neethlingshof-wynlandgoed.

MACE-toekennings

Die Biblioteek se innoverende TikTok-veldtog, waarvoor die fakulteitsbibliotekarisse die bestuur behartig, het in 2023 gewild gebly: Ons het die jaar met 2 273 volgers afgesluit en gebruikers het meer as 87 000 keer van ons bydraes gehou. Die jaarlikse MACE-toekennings vir

uitnemendheid in die bemarking van, bevordering van en kommunikasie in opvoeding gee erkenning aan die prestasies van kundiges en praktisyne op hierdie gebiede in die hoëronderwyssektor oor die land heen. Ons TikTok-veldtog het 'n silwer toekenning ingepalm met 'n inskrywing oor hoekom die Biblioteek hoegenaamd op TikTok bedrywig moet wees ('Why does the library need a TikTok anyway?').

Die video's wat ons op die rekening laai, bevat gewoonlik wenke vir suksesvolle navorsing, skyn die kollig op ruimtes en versamelings, en maak gebruikers touwys (bv. oor hoe om 'n boek op te spoor of 'n ruimte by die US Biblioteek te bespreek). Die benadering is lighartig en volg tipies die sosialemediatense waarby 'n jong gehoor aanklank vind.

Een van ons video's waarvan mense die meeste gehou het, beeld die lewe van 'n boek by die US Biblioteek uit. Dit wys al die personeellede wat betrokke is by die boek se reis vanaf die rak na die student, en volg dit weer terug tot by die boek se eie plekkie. Baie mense het daarop kommentaar gelewer, en studente het hulle waardering uitgespreek vir die bladsy en die werk wat ons doen. Dit wys dat ons ons gehoor bereik en 'n veilige, uitnodigende omgewing en ruimte vir studente by die Biblioteek skep – en sodoende tot 'n transformerende studente-ervaring en 'n florerende US bydra.

Biblioteeknavorsingsweek

Die Biblioteek se spogprogram, Biblioteeknavorsingsweek, is in Mei aangebied met as oorhoofse tema hoe om sterk weg te trek op jou navorsingsreis ('Power up your research pathway'). Ons reken dat hierdie geleentheid die mees geslaagde een tot dusver was, met 1 597 deelnemers aan al die onderskeie sessies tesame. Ons het weereens aspekte van die navorsingsiklus gedek en die aanbiedings het agterna op die *Biblioteek se YouTube-kanaal* gewild gebly, met 970 kyke teen die einde van die jaar.



Visuele regstelling

Die Biblioteek het in 2023 op twee visueleregstellingsprojekte gefokus: In Junie is 'n meer beperkte weergawe van 'n boek-muurskildery wat in die vierkant van die Wimbledon-kluster (een van ons studentegemeenskappe) geïnstalleer is, in die Leersentrum by die US Biblioteek geïnstalleer. Meer as 100 boektitels is vir die projek voorgelê. 'n Komitee het dit oorweeg en oor die finale keuse gestem. Die tweede projek was die herinrigting van 'n lokaal by Spesiale Versamelings, waar die kollig val op werke wat voortgespruit het uit 'n 2018-projek vir tweedejaars in Visuelekommunikasieontwerp. Studente moes navorsing of 'n ondersoek doen na 'n persoon of gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat nie in die hoofkanon van ons land se geskiedenis opgeneem is nie, of wat uitgewis of verkeerd uitgebeeld is. Daarna moes hulle 'n verbeeldingryke plakkaat of illustrasie van die gebeure of persoon ontwerp wat van beeld sowel as teks gebruik maak. Hierdie plakkate pryk nou in die afdeling se lewendige vergaderlokaal.

Lesing aangebied deur die onderafdeling Manuskripte

Die onderafdeling Manuskripte het hulle 13de lesing tydens die Woordfees in Oktober aangebied. Die tema, 'Woorde WAT groei', het op die JJ Smith-manuskripversameling gefokus. Smith (1883-1949) was die eerste redakteur van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)*. Die lesing het saamgeval met die publikasie van die WAT-deel oor die letter 'T'. Die sprekers, me Mimi Seyffert-Wirth (BID Direkteur: Wetenskaplike Kommunikasie en Bemarking), dr Willem Botha (afgetrede hoofredakteur, WAT) en dr Gerda Odendaal (mederedakteur, WAT) het 'n oorsig van die Smith-versameling gedoen en dokumente uitgelig wat op die geskiedenis, ortografie en spelling van die Afrikaanse taal fokus. 'n Uitstalling met artikels uit die versameling was in ons Spesiale Versamelingsafdeling te sien.

CoreTrustSeal-sertifisering



Die lede van die ilifu-konsortium (d.i., die KSUT, UK, US en UWK) het in 2023 steeds daaraan gewerk om hulle laaste doelwit te bereik – om hulle onderskeie institusionele navorsingsdatabewaarplekke deur CoreTrustSeal te laat sertifiseer. Hierdie 'seël' onderskryf die gehalte van die organisatoriese infrastruktuur, digitale voorwerpbestuur en tegnologie wat met databewaarplekke verband hou.

CoreTrustSeal se standaarde-en-sertifikasieraad het die US se institusionele databewaarplek, SUNScholarData, vir die volgende twee jaar as betroubare databewaarplek gesertifiseer. Wêreldwyd het slegs 107 sulke bewaarplekke hierdie stempel van goedkeuring bekom, en slegs 3 van hulle is in Suid-Afrika. 'n Selfs groter prestasie is dat US die eerste universiteitsbiblioteek in Afrika is wat hierdie hoogs gesogte sertifisering vir hulle databewaarplek kon bekom.

16de Berlin Open Access-konferensie

Afvaardigings op nasionale vlak wat gemeenskappe uit 38 lande en vernoer 6 vastelande verteenwoordig het – onder andere wetenskaplikes, universiteits- en navorsingsleierskap, hulle biblioteke en bibliotekkonsortiums – het die 16de Berlin Open Access-konferensie bygewoon. Me Ellen Tise was deel van die Suid-Afrikaanse nasionale afvaardiging. Die konferensie het die wêreld se navorsingsgemeenskap geleenthed gebied om persoonlik, in die vorm van 'n wetenskaplike diskopers, met die vernaamste subskripsie-uitgewers te praat om hulle verwagtings te verwoord rakende 'n oop verspreidingstelsel wat vir die behoeftes van 21ste-eeuse navorsing gepas is.



Figuur 2: Die Suid-Afrikaanse afvaardiging by die 16de Berlynse Oopoegang Konferensie

ONS DIENSTE

responsief, sowel digitaal as fisiek



"Tweedimensionele fotokyker, circa 1890"



Ons Dienste

Hierdie afdeling sluit aan by ons strategiese doelwit 1:

Om responsiewe, transformerende en inklusiewe dienste oor digitale en fisiese omgewings heen te lewer en sodoende navorsing, onderrig en leer te ondersteun en te bevorder.

Die Biblioteek ondersteun studentesukses; daarom voorsien ons voortgeset in ons kliënte se ontwikkelende behoeftes. In die voortdurend veranderende landskap van opvoedings- en inligtingstoeganklikheid bly ons onwrikbaar daartoe verbind om studentesukses te ondersteun. Verskuiwende omstandighede het voortdurende evaluering en aanpassing genoodsaak om die Biblioteek te posisioneer as 'n saamtrekpunt waar kliënte sonder haakplek by inligtingsbronne en dienste kan uitkom – virtueel sowel as fisiek.

Die verskuiwing na 'n hibridiese omgewing was 'n bepalende faktor wat ons aanpasbaarheid ten toon gestel het, asook ons verbintenis daartoe om bibliotekdienste te lewer wat met die veranderende behoeftes van ons studentegemeenskap tred hou. Vra 'n Bibliotekaris is een van verskeie dienste wat die Biblioteek se hibridiese benadering demonstreer. Hierdie aanlyn, op-aanvraag ondersteuning is op ons webwerf beskikbaar en verseker dat gebruikers onmiddellik hulp kan kry, ongeag waar hulle hulle bevind. Ons bied gebruikers ook LibChat, wat 'n intydse aanlyn kletsruimte fasiliteer; dit wil sê, 'n interaktiewe, responsiewe kanaal om navrae te hanteer en steun te verskaf.

Die grondslag van ons benadering is dat digitale en fisike biblioteke saambestaan

Hoewel die digitale transformasie die landskap van inligtingsdienste herdefinieer het, bly fisike biblioteekruimtes van beduidende waarde. Buiten die virtuele sfeer dien ons biblioteke ook as fisike heenkome vir individuele sowel as groepstudie. Die Biblioteek skep omgewings wat vir akademiese werk bevorderlik is, met internet- en Wi-Fi-toegang. Deur die voortgesette belangrikheid van fisiese ruimtes te erken, bevestig ons ons verbintenis daartoe om vir diverse leervoorkeure te voorsien.

Wanneer ons die toekoms naveer, sal die hoeksteen van ons benadering duidelik die saambestaan van digitale en fisike biblioteke wees. In 'n snel veranderende opvoedkundige landskap bly ons vasberade daartoe verbind om kennisverwerking en akademiese uitnemendheid te fasiliteer. Sodoende verseker ons dat ons 'n integrale deel van ons studente se opvoedkundige reis in 'n hibridiese wêreld sal bly.

3.1 Digitale en inligtingsvaardighede

3.1.1 Modulespesifieke opleiding

Ons opleidingsyfers toon dat ons, na die afplatting in 2022, 'n opwaartse swaai beleef. Opleiding is in 2020 uitgebrei om vir die verskuiwing van onderrig, leer en navorsing na 'n volledig aanlyn omgewing te voorsien. Materiaal wat in 2020 ontwikkel is, is in 2021 en 2022 hergebruik. Die eerste akademiese jaar sedert die Covid-19-pandemie wat vry van alle grendelinperkings begin het, was 2023, en ons kan verwag dat opleidingsyfers ewewig sal bereik en van daar af sal begin patronne vertoon. Figuur 3 toon die totale getal kliënte Universiteitswyd aan wie fakulteitsbibliotekarisse opleiding verskaf het.




Figuur 3: Getal kliënte opgelei in 2020-2023
(modulespesifiek)




Figuur 4: Fakulteitsbibliotekaris in die US Biblioteek
(van links) Lusanda Nyoka, Judy Williams, Elizabeth Moll-Willard, Pieter du Plessis, Sarie Wilbers, Hendra Pretorius, Hanlie Strydom, Marleen Hendriksz en Lucinda Raath

Figuur 5 en 6 toon dat die getal voorgraadse deelnemers in 2023 toegeneem het, terwyl die getal nagraadse deelnemers verminder het. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die fokus op voorgraadse opleiding gevall het om studente op nagraadse studies voor te berei, en dat daar meer aanlyn opleidingsbronne beskikbaar geraak het.



Figuur 5: Getal voorgraadse studente opgelei in 2020-2023 (modulespesifiek)



Figuur 6: Getal nagraadse studente opgelei in 2020-2023 (modulespesifiek)

3.1.2 Algemene opleiding: #SmartStudent

Tabel 1 toon dat bywoning van die algemene #SmartStudent-werksessies in 2023 soortgelyk aan dié in 2021 was. Dit is interessant: Opleiding deur modulespesifieke sessies het aansienlik toegeneem (kyk hier bo), terwyl bywoning van algemene sessies afgeneem het. Dit mag wees omdat meer studente deur middel van modulespesifieke sessies opgelei word.




Tabel 1: Bywoning van #SmartStudent-sessies (algemeen)

SESSIES	DEELNEMERS 2021	DEELNEMERS 2022	DEELNEMERS 2023
Skep & bestuur kursusleeslysste in SUNLearn (vir dosente)	29	48	23
E-boek-werksessie	8	29	12
Vind boeke of artikels met die Biblioteek se soekenjin of vakspesifieke databasisse	11	69	22
Vind betroubare inligting op Google en Google Scholar	18	54	18
Verbeter jou strategie vir 'n literatuursoektog	23	64	30
Bekendstelling aan die Biblioteek	13	49	19
Bekendstelling aan die Universiteit Stellenbosch Biblioteek se Makerspace	7	24	10
Afkampus toegang tot die Biblioteek se e-bronne	25	48	9
Verwysings 101	30	76	20
	164	461	163

3.1.3 Biblioteekgidse

Die benutting van ons biblioteekgidse ('Bibgidse') het aansienlik toegeneem, wat bewys dat die gidse doeltreffend – eintlik onontbeerlik – vir studente en navorsers is. Kundige bibliotekaris se hierdie hulpbronne met groot sorg saamgestel, en hulle is van onskatbare waarde om inligtingstoegang vaartbelyn te maak en doeltreffende navorsing te bevorder. Deurdat hulle as 'n hoeksteen van professionele akademiese steudienste funksioneer, bemagtig die Bibgidse vakkundiges en kweek daarmee 'n kultuur van kennisverspreiding en navorsingsuitnemendheid onder die akademiese gemeenskap.

Figuur 7 illustreer die voortgesette gewildheid van ons Bibgidse, wat in 2023 vir die eerste keer meer as 400 000 kyke gelok het.



Figuur 7: Kyke per jaar vir Bibgidse, 2020-2023

Tabel 2: Die 20 gewildste Bibgidse, volgens onderwerp – 2023

	BIBLIOTEKGIDS	VIEWS
1	Find, access and use information effectively: a step-by-step guide	103 226
2	Law	93 590
3	Library hours	24 231
4	Referencing	17 033
5	Off-campus access	14 778
6	Research process	11 751
7	Mendeley	10 975
8	Political Science	8 328
9	Theology	6 985
10	Psychology	6 546
11	Makerspace	5 182
12	Economics	4 816
13	E-books	4 769
14	Medicine & Health Sciences	4 705
15	Open access publishing	4 585
16	Directory of South African music collections	4 543
17	Physiological Sciences	3 817
18	History	3 382
19	Science in context	3 266
20	Where to publish your research article	2 938

Die gewilde gidse in 2023 was dié oor navorsing en biblioteekverwante temas. Die eerste een wat 100 000 kyke in 'n jaar kon lok, was 'Find, access and use information effectively: a step-by-step guide'. Ander gewilde navorsingsverwante gidse was, onder meer, 'Law

and Government Publications', 'Referencing', 'Mendeley' en 'Research Process'.

Vakverwante gidse is ook in 2023 meer bekijk. Fakulteitsbibliotekaris se het voortgegaan om deur middel van die Bibgidse toepaslike inligtingsbronne by hulle kliënte aan te beveel. Ons stel ons modulespesifieke Bibgidse in samewerking met dosente saam en laat hulle die gidse assesseer.



3.2 Makerspace

Die US Biblioteek se Makerspace is 'n samewerkende saamtrekpunt vir tegnologie-entoesiaste, waar ons 'n kultuur van digitale innovasie en kennisuitruiling kweek. Ons is trots daarop dat 'n verskeidenheid werkessies by Makerspace aangebied word, onder meer toegespitste sessies vir personeel oor robotika en die Internet van Ding (IvD), wat deelnemers met waardevolle eerstehandse ervaring en voorpuntvaardighede toerus. Ons het 80 opleidingssessies in 2023 aangebied, wat meer as 300 deelnemers gelok het. Ons is trots op die noemenswaardige groei vergeleke met 2022: 60% meer opleidingssessies en aansienlik (50%) meer deelnemers.

Tabel 3: Makerspace-toegang – maandelikse gemiddeldes 2021-2023

	2021	2022	2023
Heksyfers	463	457	488
Eenmalige besoekers	192	76	80

Tabel 4: Makerspace-toegang 2023

MONTH	TOTAL GATE COUNT	TOTAL UNIQUE VISITORS
Jan.	284	32
Feb.	453	81
Mrt.	960	119
Apr.	496	92
Mei	574	114
Jun.	353	64
Jul.	557	71
Aug.	617	129
Sep.	438	87
Okt.	618	99
Nov.	491	61
Des.	11	5
Totaal	5 852	954

*Heksyfersagteware vertoon slegs 20-22 Des.

Die Makerspace is aktief by allerhande navorsingsprojekte betrokke, wat duidelik wys dat ons tot interdissiplinêre samewerking verbind is. Samewerkende ondernemings wissel vanaf 'n virtuele realiteitstudie in venootskap met die US Fakulteit Ingenieurswese en die Chemnitz Universiteit van Tegnologie (Duitsland) tot ondersteuning vir ekologiese studies by wyse van 3D-aftasting van akkedisso in samewerking met die Departement Plant- en Dierkunde. Ander voorbeeld van samewerking behels praktiese demonstrasies van truwaartse ingenieurswese aan studente by die Departement Bedryfsingenieurswese en die aanwending van gevorderde aftastingstegnieke op artefakte vir navorsingsdoeleindes in samewerking met die Departement Antieke Studie.

Deurdat ons Makerspace as aansluitingspunt vir interdissiplinêre samewerking funksioneer, dra dit by tot die bevordering van navorsing, tegnologiese geletterdheid en innovasie aan die US.



Figuur 8: Verteenwoordigers van die Tanzaniëse Instituut vir Finansiële Bestuur het ons Makerspace besoek

3.3 Leganto vir kursusleeslyste

Met die Leganto-stelsel vir kursusleeslyste kan dosente leesmateriaal vir kursusse direk binne die US-leerbestuurstelsel skep en bestuur. Leganto is met die Moodle-omgewing geïntegreer en met die Biblioteek se bestuurs- en opsporingstelsels verbind. Hierdie nutsmiddel bespaar vir dosente tyd op die lang duur. Studente baat ook daarby, want al hulle leerhulpbronne is by een plek beskikbaar.

Die Biblioteek het in 2023 voortgegaan om met fakulteite en die Sentrum vir Leertegnologie (SLT) te skakel om die begin-tot-einde-werkvloei rakende kursusleeswerk in SUNLearn vir dosente te verbeter en die ingebruiknemingsteikens te haal wat in ons Leganto Uitreikplan 2021-2023 gestel is. Ons het opleidingsessies vir individue en groepe aangebied om bewusheid te skep. Teen Desember het 39 van die 78 akademiese departemente aan die US altesaam 180 leeslyste in gebruik geneem. Onder die departemente wat verlede jaar Leganto-leeslyste gehad het, was Rekeningkunde, Ondernemingsbestuur, Bewaringsekologie en Entomologie, Filosofie, en Visuele Kunste.

Leganto se reikwydte en impak is uitgebrei deurdat die stelsel ook by 'n ander instansie van Moodle geïntegreer is: die Leerruimte by die Stellenbosch Besigheidskool. Nou kan dosente uit hierdie US-omgewing ook Leganto aanwend om waarde tot hulle kursusse en onderrig toe te voeg. US-dosent en Leganto-gebruiker dr Lize Weich (Departement Psigiatrie) het dit so gestel: "Die kursusleeslyste het regtig die lewe vir ons beter gemaak!" [vertaal uit Engels].


3.4 Virtuele inligtingsdienste

Kliënte het ons virtuele inligtingsdienst, Vra 'n Bibliotekaris, goed benut. Met die bladsye met gereelde vrae (Eng. FAQs) kan kliënte antwoorde op hulle vrae kry sonder om 'n nuwe vraag in te stuur, wat duplisering uitskakel en alle betrokkenes moeite bespaar.

13 861 kyke
Gelok deur die gereelde
vrae by Vra 'n Bibliotekaris




Figuur 9 toon dat kyksyfers vir die gereelde vrae vanaf 14 276 in 2022 tot 13 861 in 2023 (2,91%) afgeneem het.



Figuur 9: Kyksyfers vir die gereelde vrae by Vra 'n Bibliotekaris, 2020-2023

3.5 Biblioteekgebruik

Die getal kliënte wat ons fisiese biblioteke besoek het, het vanaf 916 228 in 2022 tot 1 470 303 in 2023 toegeneem. Hierdie getal strook met gebruiksystfers van voor Covid-19: 1 286 904 in 2018 en 1 330 811 in 2019. Besoeke aan die Leersentrum het vanaf 28 534 in 2022 tot 45 527 in 2023 toegeneem.



Figuur 10: Biblioteekbesoek 2020-2023 (takbibliotekeingesluit)



ONS VERSAMELINGS

deurbreekte grense



Ons Versamelings

Hierdie afdeling sluit aan by ons strategiese doelwit 2:


om akademieskap en leer te versnel deur optimale toegang tot formaatneutrale, responsiewe versamelings te verskaf.

Ondanks finansiële uitdagings is ons daar toe verbind om inligtingsbronne van hoe gehalte te verskaf en in stand te hou wat noodsaaklik vir die Universiteit se onderrig-, leer- en navorsingsaktiwiteite is.



1.2 miljoen
fisiese bundels

123
Ingeteken op databasisse en
vaktydskrifpakkette 



328 423
Voltekstoegang tot
vaktydskrifte

4.1 Materiaalbegroting

Die Universiteit het R119 074 522 vir biblioteekmateriaal vir 2023 toegewys. Dié bedrag het R98 604 624 vanuit die institusionele begroting ingesluit – 6% meer as die 2022-toewysing van R93 023 230 – en R20 469 898 vanuit die Universiteit se beleggingspoefondse om die tekort weens hoer buitelandse wisselkoerse te dek.

4.2 Elektroniese vaktydskrifte en databasisse

Ons het in 2024 voltekstoegang tot 328 423 vaktydskrifte aan ons kliente verskaf en daarin geslaag om ons inskrywings op 123 databasisse en vaktydskrifpakkette in stand te hou. Tabel 5 toon die voortgesette hoe aanvraag na ons elektroniese bronre, met volteksaflaaie vanaf die 25 gewildste databasisse wat met 24% toegeneem het (van 5 286 002 tot 6 560 501). PressReader, wat aanlyn toegang tot meer as 7 771 Suid-Afrikaanse en internasionale koerante en tydskrifte verskaf, was weereens die gewildste hulpbron, met 'n 2%-toename in volteksaflaaie.

Tabel 5: 25 gewildste databasisse volgens volteksaflaaie, 2023

DATABASIS/TYDSKRIFPAKKET	FAKULTEIT	VOLTEKSAFLAAIE
PressReader	Algemeen	1 589 349
HeinOnline	Regsgelerheid	952 103
ScienceDirect (Elsevier)	Algemeen	911 277
Web of Science	Algemeen	746 994
Scopus	Algemeen	712 773
Springer Nature-vaktydskrifpakket	Algemeen	268 706
Wiley Online Library	Algemeen	235 427
JSTOR	Algemeen	175 543
LexisNexis South Africa se regsdatabase	Regsgelerheid	136 990
Taylor & Francis SWH-en W&T-vaktydskrifte	Algemeen	129 428
UpToDate	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	90 917
Sage Premier-tydskrifversameling	Algemeen	86 295
Sabinet African Journals	Algemeen	68 684
IEEE	Ingenieurswese	67 620
Knovel	Ingenieurswese	65 565
ACS-publikasies	Naturwetenskappe	58 705
Gale Research Complete	Algemeen	47 107
Clinical Key	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	45 468
Emerald-e-tydskrifte	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	36 952
Lippincott Williams & Wilkins (LWW) se voltoegangversameling	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	36 625
Jutastat Online	Regsgelerheid	24 304
Cambridge University Press- aanlyn tydskrifte	Algemeen	20 111
Academic Search Premier (EBSCO)	Algemeen	19 997
IRESS	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	18 016
RSC-vaktydskrifte aanlyn	Naturwetenskappe	15 545
Totaal		6 560 501


4.3 Boeke

Die Biblioteek is daartoe verbind om ons versameling gedrukte sowel as elektroniese boeke uit te brei ter ondersteuning van die Universiteit se benadering tot vermengde onderrig en leer. Ons evalueer ons versameling gereeld om te verseker dat dit tersaaklik vir vermengde leer bly. Gevolglik het ons 4 854 gedrukte items in 2023 verwyder. Net 2 022 gedrukte bronre is in 2023 aangekoop en bygevoeg – 15% minder as in die vorige jaar. Daar is ook 1 015 gedrukte items bygevoeg wat aan ons geskenk is. Die uiteinde was dat die gedrukte versameling oorhoofs met 0,22% gekrimp het. Weens 'n 16%-stygging in die gemiddelde prys van e-boeke moes ons e-boekaankope met 20% besnoei. Ons het uiteindelik 615 e-boeke by die versameling gevoeg teen 'n gemiddelde koste van R2 956 per boek – 'n totale waarde van R1 818 170.




Figuur 11 en 12 toon onderskeidelik die toename in ons gedrukte en e-boekversamelings.

Hierdie syfers weerspieël weereens die enorme druk op ons begroting vir biblioteekmateriaal. Akademiese biblioteke beklemtoon steeds toegang tot e-teksboeke en behoorlike lisensiëring, maar die gebruik van e-teksboeke het afgeneem, terwyl e-boekpryse hoog bly – plaaslik én internasionaal.



Figuur 11: Toename in gedrukteboekversameling, 2013-2023



Figuur 12: Toename in e-boekversameling, 2013-2023

4.4 Spesiale Versamelings

Inspirasie vir boeiende uitsette

4.4.1 Navorsingsuitsette

Ons lys hier onder die uitsette wat in 2023 gespruit het uit navorsing wat gedoen is op materiaal by ons afdeling Spesiale Versamelings (met die onderafdelings Manuskripte, Raar Boeke en Africana) en die Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS).

Boek

Coetzer, N. 2023. *An architecture of care in South Africa: From arts and crafts to other progeny*. Londen: Routledge.

Artikels

- Daries, A & Swart, S. 2023. The body politic and the political body in nationalist science: Physical education at Stellenbosch University in the 1930s. *Yesterday and Today*, 30(1):104-135.
- Hendrich, G. 2023. Theal's lasting bequest. *Cape Librarian*, January/February:6-11.
- Joseph, D, Lamprecht, DJ & Van Niekerk, C. 2023. 'Suddenly I was with my people': Two South African choirs contributing to community development [Intyds]. *Community Development Journal*. Beskikbaar: <https://doi.org/10.1093/cdj/bsad022> [2024, 4 Maart].
- Lamprecht, DJ & Van Niekerk, C. 2023. A life for a lifetime: Hendrik D Loock and the Tygerberg Children's Choir [Intyds]. *Journal of Historical Research in Music Education*. Beskikbaar: <https://doi.org/10.1177/15366006231185499> [2024, 4 Maart].

Aanbiedings by konferensies

- Buys, M & Ncume, PS. 2023. Special library collections as a form of archival material: Gems of the Library. NGK Argief Konferensie, 20 Junie.
- Khati, P, Mofu, B & De Jongh, S. 2023. Discover indigenous knowledge at Stellenbosch University Library and Information Service [plakkaataanbieding]. Open Repositories, 18de internasionale konferensie, Lord Charles Hotel, Somerset-Wes, 12-15 Junie.
- Ncume, PS. 2023. 'Digging in and digging it': Reflections on alternative popular music performances of the Market Theatre Café, 1976 -1980. SASRIM, 17de jaarlikse konferensie, Sentrum vir Mensnavorsing, UWK, 25-27 Augustus.

Tesisse en proefskrifte

- Daries, A. 2023. The history of physical education at Stellenbosch University, 1937-2019 [Intyds]. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Stellenbosch: US. Beskikbaar: <http://hdl.handle.net/10019.1/126784> [2024, 4 Maart].
- Gollom, I. 2023. South African concert pianists: An overview, 1900-1989. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Stellenbosch: US.
- Höristmann, L. 2023. (Trans)Nationalism and "Indigenisation": Ambivalences in South African settler primitivism between the 1920s and 1960s [Intyds]. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Berlyn: Freie Universität Berlin. Beskikbaar: <https://refubium.fu-berlin.de/handle/fub188/39046> [2024, 4 Maart].


- Ncume, PS. 2023. Being public: Musicians and the Market Theatre Café, 1976. Ongepubliseerde magistertesis. Stellenbosch: US.

- Rommelspacher, A. 2022. Work, wedlock, and widows: Comparing the lives of coloured and white women in Cape Town, 1900-1960 [Intyds]. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Stellenbosch: US. Beskikbaar: <http://hdl.handle.net/10019.1/126155> [2024, 4 Maart].

4.4.2 Nuwe versamelings en byvoegings

- Die versameling Suid-Afrikaanse Verkiesings bestaan uit plakkate uit politieke veldtogte – vir partye en individue – tussen 1990 en 1999, koerantartikels en bylaes, materiaal met verkiesingsopvoeding en ander verkiesingverwante materiaal. Beskikbaar: <https://digital.lib.sun.ac.za/handle/10019.2/20598>.
- Die Unity Movement-versameling bevat materiaal van die Non-European Unity Movement (NEUM), wat in 1943 gestig is, sowel as dokumente van instansies wat by die NEUM geaffilieer was (bv. die Anti-CAD, All-African Convention, Anti-Segregation Council, Teachers League of South Africa, Cape African Teachers Association, Federation of Cape Civics [FCCA] en African Peoples Democratic Union of Southern Africa [APDUSA]). Die dokumente sluit bulletins, nuusbriewe en literatuur (boeke, pamphlette en koerante, soos The Torch) in.
- Die Dr Denis Worrall-versameling bestaan uit persoonlike en amptelike dokumente, soos korrespondensie met Suid-Afrikaanse kabinetsministers, toesprake en verslae oor die Konstitusionele Komitee van 1981 tot 2002.
- Byvoegings tot bestaande versamelings sluit in korrespondensie, artikels en oorsigte oor 20ste-eeuse Suid-Afrikaanse skrywers tot die versameling van die Nederlandse digter Hans Ester.

- Byvoegings tot DOMUS-versamelings sluit digitale opnames in van onderhoude met musikante oor sensuur, DVD's van SAJMC-verwante geleenthede, korrespondensie, lesingnotas en bladmusiek tot die SAJMC ('n sentrum vir Joodse musiek in Suid-Afrika) se Fay Singer-versameling en 'n manuskrip van Like a Rainbow You Shone Out wat deur die komponis, Christopher James, onderteken en deur prof Christopher Ballantine geskenk is.



18/1/91

1

ALLEGRO CON HOLTO ESPRESSIVE SAINT CHRISTOPHER
(♩ = c. 66) Dedicated to Christopher Ballantine

The musical score consists of eight staves of handwritten musical notation for various instruments. The instruments include Flute (Fl), Clarinet (Cl), Bassoon (Bass), Viola (Vla), Cello (Cello), Double Bass (Double Bass), Trombone (Trom), and Tuba (Tuba). The notation includes various note heads, stems, and rests, with some markings like 'bp.' (bassoon part) and dynamic instructions like 'f' (fortissimo) and 'p' (pianissimo). Measure numbers 1 through 8 are indicated at the end of each staff.

② The lowest string of the viola must be tuned down a tone to E♭.



Figuur 13: Party van die nuwe versamelings wat die afdeling Spesiale Versamelings in 2023 bekom het



ADDRESS TO THE RAND AFRIKAANS UNIVERSITY'S
REPUBLIC CELEBRATION ON 25 MAY 1981

Dr Denis Worrall
Chairman: Constitutional Committee
President's Council

1. Introduction - honour English speaker - but more particularly an academic audience - intend using the occasion.
2. The celebration of the 20th Anniversary of the Republic has several facets - land, people, language and culture - but essentially an expression of national identification - of nationhood - of community.
3. In this respect I can understand that, given the plural character of our society and the structure of our government, that there will be persons who will be indifferent to this event. Also understandable - but less excusable - are those who, for political reasons, have declared their opposition to the Celebration. This is not the celebration of a particular government and its policies. But I wish briefly to address myself to those normally responsible bodies and persons (and in particular Church leaders and churches) who have urged those in their spiritual care not to participate in the activities surrounding the celebration.

What they ignore is the presumption which there is in favour of order and stability - for, as a great American scholar (Clinton Rossiter) eloquently puts it - "No happiness without liberty; no liberty without self-government; no self-government without constitutionalism; no constitutionalism without morality - and none of these great goods without stability and order". The constitutional order in South Africa, whatever reservations one may have about it, is fundamentally a creative one; and nobody could surely dispute the fact that, measured in terms of political

Figuur 14: Party van die nuwe versamelings wat die afdeling Spesiale Versamelings in 2023 bekom het



Figuur 15: Nuwe items van komponiste soos Christopher James en Norman Smuts is tot die DOMUS-versameling toegevoeg

4.4.3 Geleenthede en uitstallings

Die werkzaamhede hier onder is onderneem om bewustheid van materiaal in ons afdeling Spesiale Versamelings te skep.

Eoan (1933-2023)

Dokumente van die voormalige District Six Eoan-operagroep, wat by die Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS) gehuisves word, is in die Musiekbiblioteek se voorportaal uitgestal om die stigting van die groep 90 jaar gelede te gedenk.

Herinnerings aan Willie Adams: SACOS Gedenksimposium, 3 Maart

As deel van die Suid-Afrikaanse Sportraad (SACOS) se 2023-vierings het die US Museum, in vennootskap met die Afdeling Sportwetenskap (onder leiding van dr F Cleophas), 'n simposium gereël met die tema 'Remembering Willie Adams: Remembering SACOS'. Spesiale Versamelings het items uit die Willie Adams-

persoonlike argief ten toon gestel wat die geskiedenis van SACOS verder belig het.

Frederik Van Zyl Slabbert Erelesing, STIAS, 14 Augustus

'n Tentoontelling deur die afdeling Spesiale Versamelings tydens die jaarlikse Frederik Van Zyl Slabbert Erelesing het die kollig laat val op die Frederik Van Zyl Slabbert-versameling en die opsporingshulp wat SUNDigital bied. Die Frederik van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling het die geleentheid aangebied.

Woordfees-lesing aangebied deur die onderafdeling Manuskripte, 9 Oktober


Die onderafdeling Manuskripte het hulle 13de lesing as deel van die Woordfees se diskoersreeks Uit die Biblioteekargief aangebied. Die titel van die lesing, 'Woorde WAT groei', het op die versameling van JJ Smith (1883-1949) gefokus. Hy was die eerste redakteur

van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)*, die eerste professor in Afrikaans en Nederlands aan die US in 1919 en die eerste redakteur van die weekblad *Die Huisgenoot*.

Die sprekers – me Mimi Seyffert-Wirth, dr Willem Botha en dr Gerda Odendaal – het 'n oorsig van die JJ Smith-versameling (Ms 333) gegee waarin hulle die kollig geskyn het op dokumente in die versameling wat op die geskiedenis, ortografie en spelling van die Afrikaans taal fokus. Hulle het ook 'n samevatting gegee van die WAT se geskiedenis (wat die verskuiwing na 'n digitale platform behels het), groei en bemarking. Die fokus was op die uitbreiding na en insluiting van die variante van Afrikaans.

Versamelings Joodse musiek by die US Musiekbiblioteek, 28 November

Santie de Jongh se aanbieding oor 'n geesdrif vir bewaring met verwysing na ons Musiekbiblioteek se Joodse musiekversamelings ('Preservation with a passion: Jewish music collections at the Music Library, Stellenbosch University') is op uitnodiging van Geraldine Auerbach, MBE, ingesluit by 'n seminaarreeks wat Community History Online (CHOL) aangebied het. Versamelings wat Santie in haar aanbieding vermeld het, was onder meer dié van Aviva Pelham, Sybil Lessing, Steven Kahanovitz, Rosa Kolevson en Alain Shmaryahu, en die SAJMC se Fay Singer-versameling.



Figuur 16: Gasheer en sprekers by die Dokumentesentrumlesing was (van links) Ms Marieta Buys, Ms Mimi Seyffert-Wirth, Dr Gerda Odendaal en Dr Willem Botha

VERSAMELING

Charms

ael Scott
82-7848

Islesb

Isobel Keith Folly
Feb. 1861

ONS TEGNOLOGIE

'n voorste digitale ervaring



"Mbira (tradisionele Afrika musiekinstrument)"

eldeighe daer als men den
glen daer tijster is



Gezeichent de Caap de goede Hoop als men op de reiden ter anker legt. Benetend de voorre place de
Culiet haastel onder het gezag van de neder Landt oost Indië: Compagnie



Ons Tegnologie

Hierdie afdeling sluit aan by ons strategiese doelwit 3:

Om innoverend van slimtegnologie gebruik te maak om 'n biblioteekdienst en -ervaring te bied wat digitaalgedrewe is.

Die departement Informasietegnologiedienste help om die Biblioteek se tegnologie-intensieve stelsels oor alle afdelings heen te bestuur sodat die Biblioteek-omgewing ons strategiese doelstellings en oogmerke kan bereik. Dit help om die koers vir die Biblioteek se digitale strategie aan te duif en dit deur te voer met die oog daarop om in pas met die jongste tegnologiese ontwikkelings te bly wat betref die bestuur en verskaffing van toegang tot inligting en data, die administrasie van rekenaar- en netwerkinfrastruktur, en die beplanning en inwerkingstelling van nuwe digitale dienste.

In die fisiese biblioteekomgewing bied ons 'n digitaalgedrewe ervaring deur selfhelptegnologie en innovasieruimtes, en in die aanlyn biblioteekomgewing het ons geautomatiseerde en direkte kliëntedienste geïmplementeer. Hierdie strategiese intervensies word oor die Biblioteek se onderskeie strategiese doelwitte deurgevoer om te verseker dat ons in pas met die jongste tegnologiese ontwikkelings bly ten einde ons kliënte en personeel te bedien. So ook bemoontlik die Biblioteek se tegnologiestrategie die breër US- strategiese temas van 'n transformerende studente-ervaring, 'n genetwerkte en samewerkende onderrig-en-leeromgewing, en navorsing vir impak.

Om die selfbemagtiging van biblioteekgebruikers deur innoverende tegnologie te bevorder, het die Biblioteek navigasie op ons webwerf verbeter sodat gebruikers nou meer intuïtief na inligting kan soek. Die veranderings het hoofsaaklik behels dat navigasiebladsye bygevoeg en alle oopvou-menu's verwyder is as deel van 'n logiese, indeksgebaseerde benadering tot webblaaiery. Buiten hierdie strukturele veranderings is die webwerfinhoud ook hersien om alles gereed te kry sodat dit in 2024 op die US se nuwe webwerfbestuursplatform geherimplementeer kan word. Ons het ook verskillende grootaalmodelle (Eng. LLMs) geassesseer om voor te berei op die invoering van 'n kletsbot om die Biblioteek se huidige webwerf, sowel as toekomstige weergawes daarvan, aan te vul. Die keuse van 'n gesikte LLM-stelsel is 'n sleutelfaktor in die ontwerp van 'n

nuwegerasieplatform waarop verwysings-, soektogen- en opspoordienste gebou kan word. Die Biblioteek hou ook tred met baanbrekertegnologie. Ons het 'n verkenning geloods na die voordele van kunsmatige-intelligenste- (KI-)tegnologie met die oogmerk om die Biblioteek nog meer vaartbelyn te bedryf, soekfunksies te verbeter en nuwe automatiseringsmoontlikhede te skep tot voordeel van ons kliënte.

Om innovasieruimte vir digitaalgerigte en entrepreneuriese gebruikers te optimeer, het die Biblioteek die ontwerp van 'n datavisualiseringslokaal afgehandel en proaktief begin handel om befondsing vir die installering daarvan te verkry. 'n Diens van hierdie aard sal 'n allesomvattende 3D-ervaring bied vir grootskaalse visualisering wat navorsingsagteware met die jongste virtuelewerklikheidstegnologie integreer.

5.1 Hulpbronne: opspoorbaarheid en toegang

Die Biblioteek het in 2023 voortgegaan om die proses te verbeter wat studente en dosente toegang tot akademiese bronne verleen – deur middel van ons biblioteek- en kursusbestuurstelsels, Alma en Leganto. Ons kon dit vermag deur die dienste van SAFIRE (South African Identity Federation) ten volle te benut, waardeur ons 'n proses kon loods om ligginggebaseerde toegang tot elektroniese hulpbronne stelselmatig met gebruikergebaseerde toegang te vervang. Sodoende moderniseer die Biblioteek ons stelsels om toegang tot elektroniese hulpbronne te bied én beveilig ons daardie bronne teen kuberaanvalle en identiteitsroof. Vir bronne van akademiese inligting wat nog nie met die SAFIRE-standaard versoenbaar is nie, onderhou die Biblioteek steeds ons afkampus Ezproxy-stelsel.

Werksaamhede om ons hulpbronne opspoorbaarder te maak, het in 2023 voortgegaan deurdat ons ons katalogus vir die geskakeldedataformaat in die semantiese web gereed gekry het. Die projek het as oogmerk om uiteindelik die Biblioteek se bibliografiese data regstreeks op die gestruktureerde dataweb vas te lê. Dit sal opsporing en herwinning omskep in 'n semanties gedrewe proses eerder as dat dit slegs van sleutelbordgebaseerde soek-en-vind afhanklik is.





AKADEMIESKAP

gee vorm aan die toekoms van akademiese verkenning



"Voorbeeld van poskaarte en seëls uit die Dokumentesentrum"

Akademieskap

Hierdie afdeling sluit aan by ons strategiese doelwit 4:

Om ons leierskapsrol in digitale akademieskap en navorsingsteun by die instelling te versterk. Dit is belyn met die Universiteit se strategiese tema van navorsing vir impak.


Stel navorsingsuitkomste beskikbaar en skakel met die akademiese gemeenskap

'n Belangrike verandering in 2023 was die hernoeming van ons afdeling Digitale Akademieskap; dit heet nou Wetenskaplike Kommunikasie. Soos ons almal weet, het inligtingstegnologie en die internet 'n gedaanteverwisseling vir wetenskaplike kommunikasie ingehou en die weg vir die ontwikkeling van oop vakkundigheid gebaan. Die Biblioteek het op hierdie veranderings gereageer deur ons dienste aan te pas en aan te vul; ons het na digitale dienste uitgebrei en, lateraan, na digitale vakkundigheid. Die begrippe 'digitale vakkundigheid' en 'wetenskaplike kommunikasie' hou in die akademie en in akademiese biblioteke met mekaar verband, en word soms uitruilbaar gebruik. Wetenskaplike kommunikasie het egter 'n breër betekenis – rakende die proses om navorsingsuitkomste beskikbaar te stel en met die akademiese gemeenskap te skakel. Hierdie afdeling by die Biblioteek het ontwikkel en gegroei, en die nuwe naam weerspieël die bykomende funksies daarvan akurrater.


6.1 Wetenskaplike Kommunikasie

Die Biblioteek se institusionele bewaarplek, SUNScholar, verskaf sedert 2008 oop toegang tot navorsing aan die US. Die oorskakeling na DSpace 7, die oopbronbewaarpleksgagteware wat die stelsel aandryf, het 'n bepalende invloed gehad.

Altesaam 1 190 tesisse en proefskrifte en 368 navorsingsartikels deur US-outeurs is in 2023 op SUNScholar bygevoeg. Die syfers toon dat die bewaarplek effens minder as in vorige jare gebruik is, met 364 926 besoeke en 142 476 aflaaie. Meer as 55% van die besoekers was uit Afrika (Figuur 21).



Figuur 17: Navorsingsuitsette op SUNScholar bygevoeg 2021-2023



Figuur 18: Gebruik van SUNScholar 2021-2023






*Figuur 19: Wetenskaplike Kommunikasie personeel
(agter, van links) Sakhile Mngomezulu, Msimelelo
Dingiswayo, Songezo Mpikashe, (voor, van links)
Paulette Talliard, Mimi Seyffert-Wirth, Gabriela Brandao
en Cathrin Baadjies*




*Figuur 20: Tydens die verwelkomingsgeleentheid van
OR2023 (van links) Me Ellen Tise, Prof Wim de Villiers,
Me Claire Knowles, Prof Sibusiso Moyo en
Dr Torsten Reimer*




Figuur 21: SUNScholar-besoekers 2023, per vasteland

Ons het ons digitale erfenisbewaarplek, SUNDigital Collections, in 2023 met 1 336 nuwe items aangevul, wat die totaal op 18 494 te staan bring. Die getal versamelings het ook toegeneem – vanaf 44 tot 50. Figuur 14 toon die bewaarplek se volgehoue groei sedert dit in 2013 gevestig is. Die vlakke van gebruik het bestendig gebly: 43 090 kyke en 19 685 aflaaie. Byna die helfte van alle besoekers was uit Noord-Amerika (Figuur 24).




Figuur 22: Items in SUNDigital Collections 2013-2023



Figuur 23: Gebruik van SUNDigital Collections 2021-2023

SUNJournals, die Biblioteek se diens wat ooptoegangvaktydskrifte huisves, sluit tans 25 vaktydskrifte in waaronder 17 'n uitgawe in 2023 gepubliseer het. Altesam 75 navorsingsuitsette deur US-outeurs is verlede jaar in hierdie vaktydskrifte gepubliseer – soortgelyk aan die getal vir 2022 (70).



Figuur 24: SUNDigital Collections-besoekers 2023, per vasteland

6.2 Digitale menswetenskappe

Digitale menswetenskappe – 'n gebied van vakkundige aktiwiteit op die kruispunt van berekenings- of digitale tegnologieë en die menswetenskappe – word die afgelope paar jaar deur akademiese biblioteke ondersteun. By die Biblioteek ondersteun ons steeds digitale menswetenskappe soos die Hardekraaltjie-projek vir visuele regstelling, wat op SUNDigital Collections gehuisves word. Ons sal in 2024 die oopbronsagteware OMEKA S ondersoek, want dit is vir daarvoor geskik om digitale menswetenskappe-projecte in die kollig te stel.

BL - BOZ

DUB - PV

BR - BY

G - GREY

GRI - HAY

6.3 Open Repositories-konferensie 2023

Die Biblioteek het van 12 tot 15 Junie die 18de internasionale Open Repositories-konferensie (OR2023) by die Lord Charles Hotel in Somerset-Wes aangebied. Dit was die eerste keer dat dit in Afrika gehou is, en slegs die tweede keer in die Suidelike Halfrond; gewoonlik gebeur dit in Noord-Amerika of Europa. OR2023 het in lewende lywe plaasgevind, met 290 teenwoordiges uit 41 lande.

Die konferensietema was hoe om bewaarplekke vir opspoorbaarheid en onderlinge bedryfbaarheid te ontsluit ('Repositories unlocked for discovery and interoperability'). Dit het geleentheid gebied om die maniere te verken en te oordink waarop bewaarplekke die opspoorbaarheid en onderlinge bedryfbaarheid van inligting en data binne die gestruktureerde dataweb moontlik maak. Die volle program het bestaan uit vier parallelle sessies, elk met ses verskillende strome – aanbiedings, paneelgesprekke, 24/7-aanbiedings (seweminuut-aanbiedings), plakkate, ontwikkelaarssessies en werksessies.

Die hoofaanbieding waarmee die konferensie geopen het, was 'n paneelgesprek waar Claire Knowles van die Universiteit van Leeds (VK) voorgesit het. Die paneel het bespreek hoe bewaarplekke datagelykheid wêreldwyd kan verbeter en hoe hulle doeltreffender aangewend kan word om data met mense sowel as masjiene uit te ruil. Die paneeldele was dr Tshiamo Motshegwa (Direkteur: African Open Science Platform), prof Willem Fourie (stigter: South African SDG Hub), me Joy Owango (stigterdirekteur: Training Centre in Communication – TCC Africa) en me Ellen Tise (BID Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens). Die parallelle sessies vir die res van die week het bestaan uit 8 paneelgesprekke, 11 werksessies, 16 24/7-aanbiedings, 59 aanbiedings, 15 plakkate en 9 ontwikkelaarssessies. Die hoofsprekter afsluiting, prof Hussein Suleman, was baie gewild, te oordeel aan die getal positiewe plasings op X en die konferensieterugvoer oor sy aanbieding.

Die gasheer-reëlingskomitee het agterna 'n vraelys vir terugvoer onder die afgevaardigdes versprei. Volgens die terugvoer van die 80 respondentte wat die vraelys ingevul het, en volgens die algemene terugvoer, was die konferensie uiters geslaagd.

6.4 Navorsingsteun


6.4.1 Bemarking van die Biblioteek se navorsingsdienste

Ons nuusbrief, *Library Research News*, is vroeg in 2023 bekendgestel. Dit is geslaagd en help die Biblioteek om navorsingsverwante nuus regstreeks aan personeel en nagraadse studente uit te stuur met behulp van 'n Sympa-adreslys. Skakels na die artikels verskyn in die *Library Research News*-blog, wat sedert 2018 in gebruik is.

6.4.2 Navorser-impakverslae


'n Nuwe templaat vir navorser-impakverslae is einde 2022 ontwikkel en in 2023 in gebruik geneem. Ons het dit in die tweede helfte van die jaar geadverteer, en ongeveer tien navorsers het bibliotekaris se gekontak om die volle verslag te verkry. Dit bevat data uit vyf verskillende databasisse – Google Scholar, Web of Science, Scopus, Dimensions en Altmetric.com. Ons het ook data onttrek vanaf die SciVal-platform, waartoe die US sedert Mei 2023 toegang het. 'n Microsoft PowerBI-verslag beslaan een afdeling met nadere besonderhede oor die navorser se uitset en die gemete syfers rakende hulle publikasies.

Fakulteitsbibliotekaris se het in 2023 op ongeveer 230 bibliometriese versoek vanaf navorsers en fakulteite gereageer deur onder meer die volgende te verskaf: SciVal-verslae, H-indeks-versoek, vaktydskrif-anwysers om kliënte te help besluit waar om te publiseer, en 'n oorsig van gemete syfers vir 'n hele fakulteit.



6.4.3 Unieke outeursidentifikasie met Open Researcher and Contributor ID (ORCID)

Teen Desember 2023 het 6 880 US-personeellede en -studente wat 'n US-e-posadres gebruik, ook 'n ORCID-ID geregistreer. Altesaam 2 116 (31%) het hulle ID's deur die Universiteit se ORCID-integrasiestelsel aan hulle US-identiteite gekoppel (Figuur 25). Nadat ORCID opnuut met ons institutionele bewaarplek, SUNScholarData, geïntegreer is, is 45 ID's nuut gekoppel.



Figuur 25: ORCID-ID's deur US-navorsers geskep 2013-2023

6.4.4 #SmartResearcher

Die #SmartResearcher-opleidingsreeks behels praktiese en teoretiese werksessies wat op nagraadse studente en vroeëloopbaan-navorsers gemik is. Opleiding word volgens die navorsingsproses gestruktureer; die gedagte is dat kliënte die reeks sessies kan bywoon namate hulle op hulle navorsingsreis vorder. Intydse bywoning het in 2022 afgeneem, terwyl kyksyfers vir die opgeneemde sessies dienooreenkomsdig hoër was. Die tendens het voortgeduur: Uit 2 569 registrasies was 1 403 vir intydse bywoning, vergeleke met 1 788 in 2022. Kyksyfers vir die opnames het vanaf 858 in 2022 gestyg tot 1 065 in 2023.



Tabel 6: #SmartResearcher-opleiding, 2023-syfers


WERKSESSIE	DEELNEMERS	KYKE
Biblioteekoriëntering vir nagraadse studente en akademiese personeel	90	45
Hoe om regeringstatistieke op te spoor	18	6
Hoe om 'n literatuuroorsig te doen	164	213
Stelselmatige oorsigte	45	53
Nuttige hulpmiddels en applikasies vir navorsing	36	30
Inleiding tot Spesiale Versamelings: Hoe om primêre versamelings te hanteer	13	2
Databestuursbeplanning	32	14
Nutsmiddels, hulpbronne en opleiding vir NDB	19	11
Data-uitruiling en -verspreiding	17	7
Kopieregwessies met die skryf van tesisse en proefskrifte	21	15
Mendeley vir verwysingsbestuur en akademiese netwerkvorming	282	319
Wenke oor hoe om jou tesis te formateer (MS Word)	54	67
'n Oorsig van sagteware vir doeltreffende dataontleding en visualisering	30	15
Beginsels van datavisualisering	60	41
Inleiding tot Tableau Public en RAWGraphs vir datavisualisering	84	59
Datavisualisering met PowerBI	157	57
'n Oorsig van navorsingsdatabewaarplekke	18	9
Lewer jou tesis/proefskrif op SUNScholar in	91	31
Verhoog die sigbaarheid van jou navorsingsuitset deur self-argivering	9	6
Bestuur jou unieke uteursidentiteit met ORCID	40	22
Belangrike besluite oor die publikasie van jou navorsing	60	15
Maksimeer jou navorsingsimpak	63	28
	1 403	1 065



#SmartResearcher-terugvoer


Die terugvoer was oorweldigend positief, met die meeste respondentie wat aangedui het dat hulle saamstem of sterk saamstem dat die opleiding 'n opbouende impak gehad het. Figuur 26 tot 28 toon party aanwysers wat gebruik is om terugvoer te verkry.

Ek verstaan die materiaal wat aangebied is, nou beter.




Figuur 26: Terugvoeraanwyser 1

Die inhoud is goed saamgestel en dit was maklik om te volg.



Figuur 27: Terugvoeraanwyser 2

Hoe sou jy die sessie in die geheel beoordeel?



Figuur 28: Terugvoeraanwyser 3

Skriftelike terugvoer vanaf deelnemers het die volgende ingesluit [vertaal uit Engels]:

Dit was 'n baie leersame sessie en dit is goed aangebied. Ek het nooit geweet hoe om 'n inhoudsopgawe op te stel met behulp van lyste met verskeie vlakke op te stel nie. Gewoonlik gebruik ek maar net die templaat en vul dit self in. Baie dankie, dit gaan baie help wanneer ek vanjaar my tesis moet formateer.

Baie dankie vir hierdie aanbieding. Dit was regtig nodig dat ek leer oor verwysings wat aanlyn gedoen kan word, want ek het dit nog op die outydse manier gedoen.


Die sessie was insiggewend en het my gehelp om 'n algemene oorsig van die Biblioteek se webwerf te kry en van uiters belangrike dienste wat hulle lewer – veral die studente se fakulteit.

6.5 Navorsingsdatabestuur

Om leiding te verskaf en doeltreffendheid te verseker wanneer databestuursplanne (DBP's) vir navorsing ontwikkel word, het die Universiteit besluit om op 'n DBP-nutsmiddel in te teken. Daar word al jare lank beoog om 'n institusionele DBP-sagewareplatform vir navorsing aan die US in gebruik te neem. Die vordering wat in 2023 gemaak is, het voortgevloei uit 'n besluit


in 2022 om Data Stewardship Wizard as institusionele DBP-oplossing aan te wend. Daar is besluit om FAIR Wizard (die kommersiële weergawe van Data Stewardship Wizard) aan te beveel. Die inwerkingstellingsprojek self is in twee fases verdeel – basiese en gevorderd. Die basiese inwerkingstellingsfase het in die laaste kwartaal van 2023 plaasgevind, en die gevorderde fase sal in 2024 deurgevoer word. Wanneer die DBP-sagtewareplatform beskikbaar raak, sal ons navorsers hulle navorsingsdata beter kan bestuur.

Die syfers hier onder toon die benutting van SUNScholarData, ons institusionele navorsingsdatabewaarplek.



Figuur 29: SUNScholarData-syfers

Ons het 'n Bibgids oor NDB (navorsingsdatabestuur) ontwikkel om aan kliënte leiding en inligtingsteun met die databewaarplek te verskaf. Die gids dek 'n verskeidenheid onderwerpe, van SUNScholarData-regulasies tot die grafiese dokumente wat verduidelik hoe om die bewaarplek te gebruik. Figuur 30 toon die gebruiksyfers vir die Bibgids oor NDB.



Figuur 30: Gebruik van Bibgids oor NDB

6.6 Biblioteeknavorsingsweek

Biblioteeknavorsingsweek is een van die spogprogramme waarmee ons tot die Universiteit se strategiese tema van navorsing vir impak bydra. Biblioteeknavorsingsweek 2023 het van 15 tot 19 Mei plaasgevind. Die oorhoofse tema was hoe om sterk weg te trek op jou navorsingsreis ('Power up your research pathway'). Ons het die reeds gevestigde formaat gevolg: 'n subtema vir elke dag, waaroor sessies aangebied is wat die volle navorsingsiklus dek.

Prof Sibusiso Moyo, Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies, het die week geopen. Sy het uitgewys dat die Biblioteek 'n skarnierfunksie verrig om die US as toonaangewende navorsingsuniversiteit te posisioneer, en dat die hulpbronne by die Biblioteek die Universiteit help om meer inklusief te wees en versperrings af te breek. Daarna het 'n paneel gesprek gevoer oor KI in hoër onderwys – of dit 'n redding of 'n monster in ons midde is ('A saviour or monster in our midst? Artificial Intelligence in higher education'). Die paneel het bestaan uit prof Michael Daramola, hoof van die Departement Chemiese Ingenieurswese aan die UP, en US-kollegas prof Dion Forster (Departement Sistematiiese Teologie en Ekklesiologie), Lennox Olivier (adviseur, Leertegnologie en Programvernuwing in Hoër Onderwys, Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe) en Wouter Klapwijk (Direkteur: Informasietegnologiedienste, BID).

Onderwerpe wat in die sessies bespreek is, was onder meer die skryf van 'n navorsingsvoorstel, die skryf van 'n toekenningsvoorstel, NDB, literatuuroorsigte en verkennende verslae, navorsingsbenaderings, en navorsingsontleding met Atlas.ti, datavisualisering en Turnitin. Daar was waardering vir die aanbiedings, soos die hoeë bywoningsyfers duidelik toon.

Gemeet aan bywoningsyfers was Biblioteeknavorsingsweek 2023 die mees geslaagde een tot dusver. Die totale bywoningsyfer vir alle sessies gesamentlik was 1 597. Dit verdwerg die 2021-syfer – 972 – wat die hoogste onder die voorafgaande jare was. Alle aanbiedings is op die [Biblioteek se YouTube-kanaal](#) gelaai, en teen die einde van 2023 het ons 970 kyke gehad – aansienlik meer as die 550 kyke wat Biblioteeknavorsingsweek 2022 oor dieselfde tydperk kon lok.

6.7 Steun met ooptoegangpublikasie



Figuur 31: Sprekers by die opening van Biblioteek Navorsingsweek (van links) Prof Dion Forster, Dr Siviwe Bangani, Mnr Wouter Klapwijk, Prof Sibusiso Moyo, Mnr Lennox Olivier en Me Ellen Tise

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek- en Inligtingskonsortium (SANLiC), waarvan die US lid is, sluit sedert 2021 meerjarige transformerende ooreenkomste met 11 uitgewers, naamlik die Association for Computing Machinery, American Chemical Society, Cambridge University Press, Emerald, Institute of Physics, Oxford University Press, Royal Society, SAGE (IMechE ingesluit), Elsevier, Springer en Wiley. 'n Ooreenkoms met Taylor & Francis tree in 2024 in werking.

Transformerende ooreenkomste (ook 'lees-en-publiseer-ooreenkomste') laat navorsers aan deelnemende instellings toe om in ooptoegang formaat in hibridiese vaktydskrifte te publiseer sonder dat hulle artikelverwerkingskoste (AVK's) hoef te betaal of van hulle kopiereg hoef afstand te doen. Ingevolge sommige ooreenkomste geld hierdie voordeel ook ooptoegangvaktydskrifte wat volledig goud is. Verder bied hierdie ooreenkomste leestoegang tot die meeste publikasies (indien nie almal nie) van hierdie uitgewers.


In 2023 het die US se betrokkenheid by hierdie ooreenkomste die instelling \$1 053 761 (±R19 734 000) bespaar aan artikelverwerkingskoste vir 349 artikels.

Die Biblioteek administreer steeds die Universiteit se depositorekening by Springer Nature, wat US-navorsers in staat stel om artikels aan volledig-ooptoegang-vaktydskrifte van Springer Nature voor te lê sonder dat hulle outeursfooie voor publikasie hoef te betaal. Hulle kry ook 15% korting op AVK's. Daar was 24 US-navorsers wat in 2023 by hierdie diens gebaat het.

6.8 Ooptoegangweek

Die tema vir Internasionale Ooptoegangweek 2023 – van 23 tot 29 Oktober – was dat gemeenskap belangriker as geldmaak is ('Community over Commercialization'). Die tema het 'n openlike gesprek bemiddel oor benaderings tot oop vakkundigheid wat die beste belang van die samelewing en die akademiese gemeenskap vooropstel, en benaderings wat dit nie doen nie.

Die Biblioteek het 'n hibridiese paneelbespreking op 23 Oktober aangebied waarin daar oor beywering vir oop toegang, transformerende ooreenkomste, versperrings tot oop toegang en dekolonisering van kennis besin is. Die genooide paneellede was me Ellen Tise (Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdienste), prof Lorette Jacobs (voorsitter, Departement Inligtingwetenskap, UNISA) en dr Lena Nyahodza (bibliotekaris, Wetenskaplike Kommunikasie en Publikasie, UK). Daar was 20 persone in lewende lywe teenwoordig, terwyl 32 aanlyn deelgeneem het. 'n Video-opname van die geleentheid is agterna op die Biblioteek se YouTube-kanaal gelaai, waar dit 42 kyke sedert November 2023 gekry het.



VENNOOTSKAPPE

bande wat saamweef



"Items uit die HYMAP versameling, DOMUS"



Venootskappe

Hierdie afdeling sluit aan by ons strategiese doelwit 5:

Om interne en eksterne venootskappe en inklusiewe netwerke te bevorder.

Voortgesette samewerking met vennote

Aangesien die Biblioteek die behoeftte aan en die voordele van venootskappe insien, is ons daar toe verbind om interne en eksterne venootskappe te sluit en inklusiewe netwerke te bou. Dit is belyn met die Universiteit se kern- strategiese tema om interne en eksterne venootskappe sowel as inklusiewe netwerke te bevorder.

In ons strewe na hierdie verbintenis het die Biblioteek in 2023 'n skarnierfunksie verrig in onderhandelings met uitgewers en Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke om van artikelverwerkingskoste (AVK's) afstand te doen, of dit te verlaag, sodat Suid-Afrikaanse navorsers in hibridiese vaktydskrifte kan publiseer. Die uiteindelike doelwit was om die meeste navorsing wat aan Suid-Afrikaanse openbare universiteite gepubliseer word, vrylik beskikbaar op ooptoegangplatforms te maak tot voordeel van akademieskap en die samelewing. Die onderhandelings het begin vrugte oplewer: Verskeie meerjarige transformerende ooreenkomste is tussen SANLiC en verskillende uitgewers gesluit.

Buite ons SANLiC-lidmaatskap het die Biblioteek ook wedersydse venootskappe met ander openbare universiteite in die Wes-Kaap voortgesit by wyse van CHELiN (die Kaapse netwerk vir hoëronderwysbiblioteke) en die ilifu-konsortium. Die bussiediens het steeds waardevolle studie- en navorsingsmateriaal tussen US-biblioteke en venootbiblioteke afgelewer. Wat ilifu betref, het die Biblioteek ons laaste doelwit bereik – om aansoek te doen om CoreTrustSeal-sertifisering vir ons navorsingsdatabewaarplek, SUNScholarData, te bekom. Ons het die seël van goedkeuring uiteindelik in Desember 2023 van die Trust se raad af ontvang. Dit is nie 'n liggewigprestasie nie; sover ons weet, is US die eerste universiteit in Afrika wat dit kon vermag. Intern werk ons steeds saam en in venootskap met fakulteite, wat die Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke insluit.

7.1 Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek- en Inligtingskonsortium

Die Biblioteek is 'n lid van die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek- en Inligtingskonsortium (SANLiC), 'n organisasie sonder winsoogmerk vir hoëronderwysinstellings. Hulle onderhandel pryse en faciliteer bekostigbare toegang tot elektroniese vakkundige bronre. Nie net hoëronderwysinstellings is SANLiC-lede nie. Dit sluit ook ander navorsingsentiteite in, soos die Nasionale Navorsingstigting, die Mediese Navorsingsraad en Mintek.

Me Ellen Tise (ons Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdienste) is tans voorsitter van die SANLiC-direksie. Dit bevestig die hoe aansien wat die Biblioteek onder hoëronderwysbiblioteke in Suid-Afrika geniet. Meer as 4 400 hibridiese vaktydskrifte en 550 volledig-ooptoegang-vaktydskrifte is in 2023 bygevoeg tot die lys vaktydskrifte waarin US-outeurs in volledig-ooptoegang-formaat kan publiseer sonder om AVK's te betaal. Die bring ons totale getal vaktydskrifte van hierdie aard op 7 300 te staan sedert transformerende ooreenkomste met uitgewers aangegaan is.

Ons SANLiC-affiliasie het ons R266 770 593 aan inskrywingsgeld in 2023 bespaar deurdat dit die Biblioteek in staat gestel het om vyf meerjarige lees-en-publiseer-ooreenkomste vir 2023 tot 2025 te sluit: met die American Chemical Society, IOP Science Extra, Oxford Journals, Science Direct en Springer Nature. Ons het al voorheen ander transformerende ooreenkomste gesluit met die Association for Computing Machinery, Cambridge University Press, Emerald, The Royal Society of Chemistry, SAGE en Wiley. Hierdie ooreenkomste gee die deurslag om ooptoegangpublikasie te bevorder en te versnel, en om die sigbaarheid van akademiese navorsing aan die US te verhoog.

Biblioteekpersoneel het ook van 23 tot 25 Mei die SANLiC-konferensie vir 2023 in Johannesburg bygewoon. Die tema was hoe om die gietvorm te deurbreek: verandering, ontwrigting en besinning ('Breaking the mould: change, disruption, reflection'). Die hoofogmerk was om kenniswerkers te help om hulle vordering te assesseer, hulle idees vir uitnemendheid uit te ruil, nuwe maniere van saamwerk te verken, en besieling en dryfkrag te vind vir die voortgesette oorgang na oop toegang. Die oorgang na oop wetenskap het beduidende veranderings en ontwrigtings vir biblioteke meegebring. Om te kan aanpas, moet ons nuwe modelle omarm – soos

transformerende ooreenkoms, lees-en-publieerwerkvloei en navorsersondersteuning. Dit is nog onduidelik watter uitwerking hierdie veranderings op menslike hulpbronne, vaardighede en tyd sal hê. Daarom is dit nodig dat ons herbesin oor die rolle wat biblioteke en navorsingskantore in hierdie ruimtes vervul.



R 266 miljoen

bespaar danksy
SANLiC-lidmaatskap

7.2 CHELiN

Die Kaapse netwerk vir hoëronderwysbiblioteke (CHELiN) is 'n projek van die Kaapse Hoëronderwyskonsortium (CHEC) en bestaan uit die vier hoëronderwysbiblioteke in die Wes-Kaap. Die Biblioteek is die gasheer van die **CHELiN-webwerf** en hou dit ook namens al die betrokke instansies in stand. 'n Ad hoc-werkgroep, wat uit 'n lid vanuit elke CHELiN-instelling bestaan, werk die inhoud van die werf gereeld by. Nuus oor gebeure, dienste en projekte wat vir alle partye van belang is, word deur middel van hierdie webwerf uitgeruil. Die jaarlikse uitleensyfers oor al die instellings heen word ook opgelaai. Van 1 Januarie tot 30 November 2023 het die werf 704 besoeke gehad.

7.3 CoreTrustSeal-sertifisering

Die lede van die ilifu-konsortium (d.i., die KSUT, die UK, die US en die UWK) het in 2023 steeds daaraan gewerk om hulle laaste doelwit te bereik – om hulle onderskeie institusionele navorsingsdatabewaarplekke deur CoreTrustSeal te laat sertifiseer. CoreTrustSeal is 'n internasionale, gemeenskapsgebaseerde nieregeringsorganisasie sonder winsoogmerk wat volhoubare en betroubare data-infrastrukture bevorder. Sertifisering deur hulle dien as waarmerk van die gehalte van die organisatoriese infrastruktur, digitale voorwerpbestuur en tegnologie wat met databewaarplekke verband hou. Dit is tot voordeel van navorsers sowel as die befonders.

CoreTrustSeal se standarde-en-sertifikasieraad het die US se institusionele databewaarplek, **SUNScholarData**, vir die volgende twee jaar as betroubare databewaarplek gesertifiseer. Op dié manier het ons een van 107 databewaarplekke ter wêreld geraak wat hierdie stempel van goedkeuring kon bekom – en een van slegs 3 in die hele Afrika (waarvan al drie in Suid-Afrika is). Boonop is die US die eerste universiteitsbiblioteek in Afrika wat hierdie gesogte sertifisering vir hulle databewaarplek kon bekom.

Gevollik kan ons nou met trots teenoor navorsers verklaar dat SUNScholarData deur 'n onpartydige, internasionale agentskap as 'n betroubare databewaarplek gesertifiseer is. Talle navorsers het vantevore hulle bedenkinge daaroor uitgespreek om hulle navorsingsdata te deel, omdat hulle oor die veiligheid van hulle datastelle bekommerd was. In 'n wêreld wat van skrikwekkende verhale van datamanipulasie en diefstal wemel, is mondelinge versekerings nie altyd voldoende nie. Hierdie sertifisering dien nou as bewys dat die Biblioteek tot die Universiteit se waarde van uitnemendheid verbind is.

7.4 Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke

As deel van die Biblioteek se strategiese werksaamhede is ons gedurig op die uitkyk vir geleenthede om met die Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke saam te werk en in vennootskap te gaan. Dit het in 2023 uitgeloop op drie opleidingsessies wat deur 'n verteenwoordiger van die Skool gefasiliteer is, asook een wat deelnemers aan Arduino bekendgestel het. Daarby het ons prof Bruce Watson – voorsitter: Rekenaardenke by die Skool – uitgenooi om 'n sessie tydens Biblioteeknavorsingsweek aan te bied. Dit het die aansien van die geleentheid verhoog en getoon dat Biblioteeknavorsingsweek die potensiaal het om te dien as platform waar navorsers nuwe ontwikkelings in hoër onderwys kan bespreek.

7.5 US Museum

Ter voorbereiding op die viering van 30 jaar van demokrasie in Suid-Afrika in 2024 het die Biblioteek nou met die US Museum saamgewerk om 'n uitstalling te beplan. Vir hierdie doel is 460 beelde uit die IDASA-versameling, wat in die onderafdeling Manuskripte in die Biblioteek se afdeling Spesiale Versamelings gehou word, gedigitaliseer en op SUNDigital Collections opgelaai en omskryf. Ons werk ook aan ander projekte saam met die Museum, en SUNDigital huisves tans 739 digitale beelde wat uit hulle versamelings kom. Met die oog daarop om betrekkinge met kultuurinstansies verder te versterk het personeel uit Spesiale Versamelings besoeke gebring aan die Nederduits-Gereformeerde Kerk Argief, die US Museum, die Stellenbosch Dorpsmuseum se biblioteek, die Beyers Naudé Instituut (Fakulteit Teologie) se versameling, die Rupert Kunsmuseum en die Oude Leeskamer-biblioteek by die Jannie Mouton Stigting.

CAPE TOWN
GAZETTE,
AND
AFRICAN
ADVERTISER
1807



ONS MENSE

bekwaamheid in 'n diverse personeelkorps



"Figuur uit boerseep gekerf deur Sheila Cussons"

Ons Mense

Hierdie afdeling handel oor die Biblioteek se strategiese doelwit 6:

om 'n vaardige, diverse, aanpasbare en betrokke personeelkorps te ontwikkel. Dit sluit aan by die US se strategiese temas om 'n voorkeurwerkewerter te wees en 'n florerende Universiteit Stellenbosch te kweek.

Die volgende strategiese werksaamhede is beplan om hierdie doelwit betekenisvol na te streef:

- Bevorder steeds bewusheid van en steun aan die US Plan vir Personeelgesondheid en welstand en ander hulpbronne deur sessies aan te bied wat op diversiteit, geslagsgelykheid en geestelike, emosionele en liggaamlike gesondheid fokus.
- Skep en loods 'n pasgemaakte mentoskapprogram vir nuwe en huidige personeellede om loopbaan- en akademiese steun te verskaf.
- Ontwikkel 'n omvattende en pasgemaakte program vir personeelopleiding en ontwikkeling, genaamd #SmartStaff, wat alle tipes opleiding insluit met die oogmerk om gapings te oorbrug en om nuwe en opkomende vaardighede te ontwikkel.
- Maak voorstelle en beplan vir 'n nuwe ronde van die Biblioteek se StEP-program (vir personeelontwikkeling) vir 2023-2024.



8.2 Personeelopleiding en ontwikkeling

Een van die Biblioteek se strategiese ondernemings is om 'n omvattende en pasgemaakte program vir personeelopleiding en ontwikkeling te ontwikkel. Die #SmartStaff-program sluit verskeie soorte opleiding in en is daarop gemik om gapings te oorbrug en om nuwe en opkomende vaardighede te ontwikkel.

Die onderstaande onderwerpe is in 2023 aangebied: 'n verkenning van ChatGPT; sessies deur die afdelings Verkrygings en Metadata oor 'waar die reis begin'; Makerspace-sessies vir personeel oor 3D-ekosisteme; konferensieterugvoer; wat dit beteken om digitaal slim te wees; als(?) wat jy oor e-boeke moet weet; digitale storievertelling – 'n bekendstelling aan die Biblioteek se datavisualiseringsdienste, inligtingsessie oor die tweepot-pensioenstelsel; inligtingsessie oor CIRCoRE se werksaamhede, en 'Robotika 101' – oor hoe om met behulp van elektroniese stelle en komponente robotte in die Makerspace te bou.

Natasja Malherbe, ons Bestuurder: Digitale Bilioteekstelsels, het die Universiteit van Lund (LU, Swede) in September gesoek as een van tien US-deelnemers aan die Lund-Stellenbosch-program vir vermengde mobiliteit van professionele en administratiewe steundienspersoneel (PASD-personeel). In November het nege deelnemers uit Lund die US besoek, waartydens die Biblioteek drie dae lank gasheer was vir Linnéa Stenson, 'n akademiese kommunikasiebibliotekaris aan die LU. Die oogmerk van die program is om bande tussen universiteite te versterk en globale samewerkingsgeleenthede en kennisuitruiling te bevorder.

Noni Makhathini het die HERS-SA Academy vir vroue in leiersposisies van 3 tot 7 September bygewoon.

8.3 Publikasies en aanbiedings deur personeel

Hoofstuk in boek

Bangani, S & Onyancha, OB. 2023. An altmetrics study of researchers at North-West University. In: Fombad,

MC, Chisita, CT, Onyancha, OB & Minishi-Majanja, MK (eds.). *Information Services for a sustainable society: Current developments in an era of information disorder*. Berlyn, Boston: De Gruyter Saur. Bl. 274-297.

Artikels in vaktydskrite

- Bangani, S. 2023. Academic libraries' support for quality education through community engagement [Intyds]. *Information Development*. Beskikbaar: <https://journals.sagepub.com/doi/full/10.1177/0266669231152862> (2024, 5 Maart).
- Bangani, S & Dube, L. 2023. Institutional commitment to community engagement in South African academic libraries. *The Journal of Academic Librarianship*, 49(2):102679.
- Bangani, S & Dube, L. 2023. Academic libraries and the actualisation of Sustainable Development Goals two, three and thirteen [Intyds]. *Journal of Librarianship and Information Science*. Beskikbaar: <https://journals.sagepub.com/doi/full/10.1177/09610006231174650> (2024, 5 Maart).
- Bangani, S & Dube, L. 2023. South African academic libraries as contributors to social justice and ubuntu through community engagement [Intyds]. *IFLA Journal*, 49(3). Beskikbaar: <https://journals.sagepub.com/doi/full/10.1177/03400352231166751> (2024, 5 Maart).
- Khati, P. 2023. Stellenbosch University Library launches the Edwin Cameron Collection and Reading Room. *Liasa-in-Touch*, 24(1):7.
- Moyo, M & Bangani, S. 2023. Data literacy training needs of researchers at South African universities [Intyds]. *Global Knowledge, Memory and Communication*. Beskikbaar: <https://www.emerald.com/insight/content/doi/10.1108/GKMC-02-2023-0041/full/pdf?title=data-literacy-training-needs-of-researchers-at-south-african-universities> (2024, 5 Maart).
- Van Deventer, K. 2023. Everyone is a winner as Stellenbosch University students tell powerful stories. *Liasa-in-Touch*, 24(2):7.

Blog

Bangani, S. 2023. ARL's Hot Topics session to discuss the potential of AI to change the mission of academic and research libraries [Intyds]. IFLA Academic and Research Libraries Section-blog. Beskikbaar: <https://blogs.ifla.org/arls-hot-topics-session-to-discuss-the-potential-of-ai-to-change-the-mission-of-academic-and-research-libraries/> (2024, 5 Maart).

Aanbiedings by konferensies

- Bangani, S. 2023. A framework for community-engaged academic libraries. 2023 LIASA Konferensie, 12 Oktober, Somerset-Wes.
- Bruton, BE. 2023. To action! Turning recommendations of a peer review panel into an action plan. Performance Measurement in Libraries (LibPMC), 15de internasionale konferensie, 11-13 Julie (aanlyn).
- Buys, M & Ncume, P. 2023. Special library collections as a form of archival material: Gems of the library. NGK Argief Konferensie, 20 Junie.
- De Jongh, S. 2023. Preservation with a passion: Jewish music collections at the Music Library, Stellenbosch University. Community History Online (CHOL), 28 November. Op uitnodiging.
- Khati, P, Mofu, B & De Jongh, S. 2023. Discover indigenous knowledge at Stellenbosch University Library and Information Service [plakkaataanbieding]. Open Repositories, 18de internasionale konferensie, Lord Charles Hotel, Somerset-Wes, 12-15 Junie.
- Klapwijk, W & Hebler, N. 2023. Enroute to an AI strategy by following practical use case markers. 3de IFLA Symposium on Artificial Intelligence, 5 September, Potchefstroom.
- Ncume, PS. 2023. 'Digging in and digging it': Reflections on alternative popular music performances of the Market Theatre Café, 1976 -1980. SASRIM, 17de jaarlikse konferensie, Sentrum vir Mensnavorsing, Universiteit van Wes-Kaapland, 25-27 Augustus, Bellville.
- Roux, M. 2023. Introduction to data visualisation with Tableau Public. Aanbieding by die Afrika

Doktorale Akademie Somerskool, 28 Januarie, Stellenbosch.

- Roux, M. 2023. ORCID and other author profiles. Webinaar by die US Nagraadse Kantoor/CIRCOPAV-kursus Boosting Your Researcher Profile, 29 September (aanlyn).
- Simango, SM. 2023. From research data management to open access data. LIBSENSE-RUFORUM-webinaar Understanding Open Science and Research Data Management, 28 Februarie (aanlyn).
- Simango, SM. 2023. ChatGPT-3 and the quest to determine the impact of Stellenbosch University's research data. Research with Artificial Intelligence Online Symposium (aanlyn).
- Simango, SM. 2023. Trustworthy machine information behaviour and open research repositories. Open Repositories-konferensie 2023, 12-15 Junie, Stellenbosch.
- Simango, SM. Conceptualising and implementing research data management. LIASA Belangegroep vir Navorsing, Opvoeding en Opleiding-webinaar Research Data Management, 20 Junie (aanlyn).
- Simango, SM. 2023. Autonomous artificial intelligence and machine ethics. 3de IFLA Symposium on Artificial Intelligence, 5 September. Potchefstroom.
- Simango, SM. 2023. The roles of librarians in research data management. Mangosuthu Universiteit vir Tegnologie-werksessie Open Science and Research Data Management, 25-26 Oktober (aanlyn).
- Tise, E. 2023. Open science in South Africa: Are we future ready? Hoofspreker by die Elsevier Roadshow 'The South African Research Ecosystem: Future Ready', 27 Maart, Kaapstad.
- Tise, E. 2023. Reflections on progress in the open access transition and the challenges that remain. Paneelbespreking by die 16de Berlin Open Access-konferensie, 6-7 Junie, Berlyn (Duitsland).
- Tise, E. 2023. IFLA's global role in open access. Paneelbespreking by die 88ste IFLA World Library and Information-kongres, 21 Augustus, Rotterdam (Nederland).

- Tise, E. 2023. Advancing open access globally and locally: Key insights from the 16th Berlin Open Access Conference. Openbare lesing by die Durban Universiteit vir Tegnologie se Open Access Week, 25 Oktober (aanlyn).
- Tise, E. 2023. Research evaluation and recognition of diamond open access. Paneelbespreking by die 2de Diamond Open Access-konferensie, 26 Oktober (aanlyn).
- Tise, E. 2023. Global perspectives on open access in practice. Paneelbespreking by die Charleston-konferensie, 8 November (aanlyn).
- Tise, E. 2023. Hoofspreker ter opening van paneelbespreking by die Open Repositories-konferensie 2023, 13 Junie, Somerset-Wes.

8.4 Kwalifikasies verwerf

- Siviwe Bangani het sy PhD in Inligtingwetenskap aan UNISA behaal. Sy proefskrif se titel is: Towards a framework for community engagement in South African academic libraries.
- Pakama Ncume het haar Magister in Geskiedenis behaal. Haar ongepubliseerde tesis se titel is: Being public: Musicians and the Market Theatre Café, 1976. Beskikbaar: <http://hdl.handle.net/10019.1/127235> (2024, 5 Maart).

8.5 Personeelprestasies en toekenning

- **Bronwyn Bruton** het gedien in die reëlingskomitee vir die internasionale konferensie oor prestasiebeoordeling in biblioteke. (LibPMC – Library Performance Measurement Conference – is as 'n maatskappy in gemeenskapsbelang [CIC] in die VK geregistreer.)
- **Ivan Jacobs** het op 1 November die Universiteit se toekenning vir 25-jaar-langdiens by 'n galafunksie by STIAS ontvang. Ivan het in Februarie 1998 as permanente personeellid by die Biblioteek begin en was deur die jare heen 'n persoon wat uitnemendheid vergestalt het.
- **Ellen Tise** het op 12 Oktober die SALI-Trust/LIASA-toekenning vir lewenslange prestasie ontvang. Hierdie prestigeryke toekenning vereer

bibliotekaris se erkenning te gee vir hulle bydrae tot die beroep oor 'n lang tydperk, onder meer deur die vaardighede, vindingrykheid, toewyding, verbondenheid en diens wat persone in die biblioteek-en-inligtingsektor in hulle instansies en gemeenskappe ploeg.

- **Ellen Tise** is vir die 2024-2025-termyn tot die ORCID-raad verkies.
- **Ellen Tise** is tot IFLA se Open Science and Scholarship-advieskomitee verkies vir die termyn 2023 tot 2025.
- **Siviwe Bangani** se referaat 'A framework for community-engaged academic libraries' het die prys vir beste referaat by LIASA se 2023-konferensie verower.

8.6 Bywoning van nasionale en internasionale geleenthede en konferensies


Personnel het verskeie konferensies en werksessies gedurende die jaar bygewoon, onder meer die US Akademieskap van Onderrig en Leer- (AvOL-) Konferensie, die Biblioteek- en Inligtingsvereniging van Suid-Afrika (LIASA) Konferensie, die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek- en Inligtingskonsortium (SANLiC) Konferensie, die IFLA World Library and Information-konferensie, die International Association of Music Libraries, Archives and Documentation (IAML) se 2023-kongres, Open Repositories se 2023-konferensie (OR2023), die Artificial Intelligence Symposium 2023 en ZA-Ren Week 2023.

8.7 Gemeenskapsbetrokkenheid, sosiale impak en personeelwelwees

Om bewusheid van en steun vir die US Plan vir Personelgesondheid en welwees te bevorder, is sessies oor diversiteit, geslagsgelykheid en geestelike, emosionele en liggaamlike gesondheid vir Biblioteekpersoneel aangebied. Dit het die volgende onderwerpe ingesluit: die slim personeellid as student; selfsorg en geestesgesondheid; gesonde voeding om uitputting en uitbranding te voorkom; Bibliotekdienste aan visueel gestremde studente (in samewerking met die Eenheid vir Gestremdhede); middelgebruiksteuring; en 'Dewey to Dazzling' – oor die kuns van uitsonderlike kliëntediens.

Buite hierdie sessies wat by die US Biblioteek aangebied is, het personeel ook gebaat by twee aanbiedings wat deur die Universiteit se Personeelontwikkelingskomitee gekoördineer is. Meer as 30 Biblioteekpersoneellede het die US Sportdag op 24 Februarie bygewoon, en 21 het aan die pretloop vir personeel op 21 September deelgeneem.

Die Biblioteek het ons toppresteerders op 29 Maart met 'n ontbyt by Coopmanhuijs in Stellenbosch gevier.



Ander Aktiwiteite



"Items uit die New Unity Movement versameling, Dokumentesentrum"



I
BLACK
AFRICA
572
MON

Ander Aktiwiteite

9.1 Visueleregstellingsprojekte afgehandel by die US Biblioteek

Die Biblioteek het 'n reis van visuele regstelling onderneem in die konteks van die breër institusionele visueleregstellingsprojek, asook in die konteks van ons mandaat om kennis te bewaar en toegang tot inligting te verskaf. Twee groot projekte by die Biblioteek het met die Universiteit se inisiatiewe vir visuele regstelling sedert 2015 saamgeval: die naamsverandering van die JS Gericke Biblioteek na die Universiteit Stellenbosch Biblioteek, en die projek deur Visuele Kunste-studente wat hier onder beskryf word.

• Boek-muurskildery in die Leersentrum

Hierdie muurskildery skakel in by die visueleregstellingsprojek vir die US-landskap, wat daarop gemik is om ruimtes te skep wat die veelvuldige stories en identiteite in ons gemeenskaplike geskiedenis erken en verteenwoordig. Die hoofwerk is in die vierkant van die Wimbledon-kluster geïnstalleer, en in Junie 2023 is 'n kleiner weergawe in die Leersentrum by die US Biblioteek aangebring. Meer as 100 boektitels is vir die projek voorgelê. 'n Komitee het dit oorweeg en oor die finale keuse gestem.

• Spesiale Versamelings

Na afloop van die 2022-ewekniebeoordeling van die Biblioteek het die eksterne paneel aanbeveel dat ons

die estetika van ons Spesiale Versamelings-ruimte in öenskou neem. Hulle verslag het uitgewys dat dié ruimte potensiaal het om meer verwelkomend en inklusief te wees, en dat die verkenningsproses uit visueleregstellingswerk kan put.

Die projek is afgehandel en die Spesiale Versamelings-lokaal is beskikbaar dat studente en personeel dit kan uitboek.

Die tema van die installasie is bedoel as visualisering van die Africana-versameling by die US Biblioteek se Spesiale Versamelings-afdeling. Die werk is die eindproduk van 'n 2018-projek vir tweedejaarstudente in Visuele kommunikasieontwerp waarvoor hulle met die Africana-versameling moes omgaan. Die studente moes navorsing of 'n ondersoek doen na 'n persoon of gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat nie in die hoofkanon van ons land se geskiedenis opgeneem is nie, of wat uitgewis of verkeerd uitgebeeld is. Daarna moes hulle 'n verbeeldingryke plakkaat of illustrasie van die gebeure of persoon ontwerp wat van beeld sowel as teks gebruik maak. Die projekuitkoms was 'n plakkaat wat die produk van 'n handmatige sifdrukproses is en as informatiewe werk oor 'n historiese figuur of gebeurtenis kan funksioneer. Die afsonderlike werke kan *hier aanlyn* besigtig word.

Books mural
This mural was completed as part of the US Library's visual branding. It represents space-time, rhythm and staff involvement in the library's mission of preserving and sharing knowledge. Books selected by students and colleagues have been integrated for novelty and theming.

A special word of thanks to the student committee who contributed to this project by volunteering their time and expertise. Many thanks to the US Library staff for their support and encouragement.

A larger version of this mural is displayed in the Wimbledon cluster between the two floors in room 101A.

Boek-muurskildery
Hierdie muurskildery is 'n geskep deur die 2022-ewekniebeoordeelaars. Dit is voltooi in Junie 2023 en bestaan uit 'n aantal boektitels wat die geskiedenis van ons land verteenwoordig. Die muurskildery is geskep deur studente van die Universiteit Stellenbosch. Die muurskildery is geskep deur studente van die Universiteit Stellenbosch.

In Junie 2023 is 'n kleiner weergawe van die muurskildery in die Leersentrum aangebring.





Figuur 32: Visuele regstelling by Spesiale Versamelings

9.2 Biblioteekbesoekers

Die Biblioteek stel steeds die norm vir baie nasionale en internasionale biblioteke. So het ons op 14 Augustus vir prof Ming-yueh Tsay – 'n vooraanstaande akademikus aan die National University of Chengchi in Taiwan – ontvang. Sy het ons besoek om meer te wete te kom oor ons institusionele bewaarplekke, navorsingsteundienste, leeromgewingsdienste, en gebou-ontwerp en ruimtelike herinrigting sowel as spesiale versamelings, argief en

van Hoërskool Albertinia; en 30 leerders wat aan die Limbokane-uitreikprojek by die US se Sentrum vir Indringerbiologie deelgeneem het. Ander skoolbesoeke het leerders ingesluit vanaf Khayelitsha, Curro, Somerset-Wes Internasionale Skool, Laerskool Eikestad en die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika.

Besoekers vanaf ander universiteite het 20 studente en personeel van die US, UK en Sol Plaatje ingesluit wat op 6 Julie aan 'n samewerkende leierskap-en-transformasie-ervaring – die TransGariep Program – deelgeneem het. Hulle het 'n toer deur die US Biblioteek gekry voor 'n sessie by Spesiale Versamelings oor die werk wat ons doen om transformerende ervarings te faciliteer. Op 27 Oktober het 7 verteenwoordigers van MANCOSA (Management College of South Africa) ons besoek om die US Biblioteek se fasilitete te verken, onder meer ons Spesiale Versamelings, Makerspace en Navorsingsentrum.

Onder ons ander besoekers was 6 lede van die US Fakulteit Krygskunde se Biblioteekkomitee, wat op 19 Mei 'n biblioteeknormstellingsbesoek gebring het. Die Fakulteit wil 'n feiteondersoek doen met die oog daarop om hulle biblioteek te moderniseer en nuut in te rig. Hulle wil ook 'n argief byvoeg, 'n afdeling met raar boeke, studentesteundienste en samewerking- en studielokale. Op 25 Oktober het ons 6 verteenwoordigers van die Tanzanian Institute of Finance Management verwelkom. Ons het hulle aan ons Makerspace bekendgestel en ons fakulteitsbibliotekarisse vir Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe het 'n inligtingsessie aangebied oor die omvangryke aanlyn ondersteuning wat die Biblioteek verskaf.



Figuur 33: Mr Guan-Ting Luo, Ms Ellen Tise en Prof Ming-yueh Tsay

inligtingstegnologiedienste. Verskeie skoolgroepes – leerders sowel as onderwysers – het die Biblioteek besoek, onder andere: 12 matrieks en 2 onderwysers van Generation School in Hermanus, wat op 17 Februarie gekom het om die US-kampuslewe te ervaar, aan roetes van tersiêre onderrig blootgestel te word en hulle dryfkrag in handeling om te skakel; 15 leerders (graad 10-12), vergesel van 2 onderwysers, van Simond Privaat Skool in Mei; 22 leerders, vergesel van 2 onderwysers,

Linnéa Stenson, 'n uitgelese akademiese-kommunikasie-bibliotekaris aan die Universiteit van Lund (Swede), was die US Biblioteek se gas van 14 tot 16 November. Die drie dae was verrykend; ons het diep gedelf in gesprekke oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe, onder meer inisiatiewe vir digitalisering, doeltreffende e-bron-administrasie en oop wetenskap.

Van 24 tot 30 Maart het ons die CliMigHealth-foto-uitstalling getiteld Strength and Resilience in the Western Cape by die US Biblioteek aangebied. Die uitstalling en openingsgeleentheid was 'n gesamentlike onderneming deur die Universiteit van Ghent (Nederland) en die US Skool vir Klimaatstudie.

9.3 US Opedag

US Opedag was in 2023 vir die eerste keer 'n virtuele sowel as 'n opkampus geleentheid. Die US Opedag-webwerf is op 1 April geaktiveer en het vir voornemende studente toeganklik bly deur die res van die jaar heen. Die Biblioteek het 'n video, brositure en gereelde vrae op ons bladsy op die webwerf gelaai. Die werk is op 1 en 2 April 35 keer bekyk (2022: 173). Teen 12 Desember het dit tot 268 kyke aangegroei. Ons video, wat kykers op 'n virtuele toer deur die US Biblioteek neem, is 87 keer gekyk (2022: 161). Die opkampus geleentheid wat vir 6 Mei beplan is, is gekanselleer.

6 BIBLIOTEKE

- Universiteit Stellenbosch Biblioteek
- Ingenieurs- en Bosboubiblioteek
- Musiekbiblioteek
- Theologie Biblioteek
- Geneeskunde & Gesondheids-wetenskappe Biblioteek
- Bellvilleparkkampus-biblioteek (USB)

**BIBLIOTEK- EN INLITINGSDIENS
UNIVERSITEIT STELLENBOSCH**

In die strewre na akademiese uitneemheid bied die Biblioteek- en Inligtingsdiens innoverende navorsing-, onderrig- en leersteundiende van wêreldklas aan die gemeenskap van die Universiteit Stellenbosch.

DIENSTE SLUIT IN

- Inligtingsverskaffing & navorsingsondersteuning
- Inleiding tot die biblioteek en hoe om bronne te gebruik
- Toegang tot 'n menige elektroniese bronne
- Lenings van ander biblioteke

INNOVASIERUIMTE

SPESIALE VERSAMELINGS

Stellenbosch University Library | Library Services | Special Collections | Research Support | Bellville Park Campus Library | Library News | Twitter | Library Librarian



Figuur 34: Materiaal wat op die Biblioteek se blad op die US Opedag 2023-webtuiste geplaas is



Figuur 35: Biblioteekvrywilligers by die opkampus- US Opedag op Saterdag 6 Mei

9.4 Biblioteekweek

Ter viering van Nasionale Biblioteekweek in Suid-Afrika het ons 'n kompetisie uitgeskryf oor die 2023-tema, naamlik 'Libraries: Telling Powerful Stories'. 'n Plakkaat is ontwerp om bewusheid oor die kompetisie te skep en dit is wyd op sosiale media en op die US en die Biblioteek se webwerwe bekendgemaak. Die gedrukte plakkate is onder ons biblioteke versprei.ere also featured in the June edition of Liasa-in-Touch.

Die wen-inskrywing was dié van Alek More, 'n BSc Bioinformatika en Berekeningsbiologie student [vertaal uit Engels]:

Ek het as internasionale student in Suid-Afrika grootgeword, wat beteken het dat ek op laerskool en hoërskool soort van uitgestoot is. Ek het nooit regtig ingepas of tuisgehoort nie. Biblioteke het 'n plek van vertroosting geraak, 'n dramatiese ontsnapping na 'n wêreld wat ek self kon kies. Van Middeleeuse of moderne fantasieverhale tot historiese vertellings met 'n kinkel en letterlik baardse romanse – alles was moontlik. Ek het leer droom, dink en groei. Ek glo regtig dat ek tussen boeke 'n veilige ruimte het en altyd sal hê. Die plesier daarvan om te lees, en die vrede daarvan om dit in 'n biblioteekstoel te sit en doen, is 'n onvervangbare deel van my lewe. Sonder biblioteke sou ek nie wees wie ek vandag is nie.

Die kompetisie en die uitslag daarvan is ook in die Junie-uitgawe van Liasa-in-Touch geplaas.



Figuur 36: Biblioteekweek 2023 kompetisie plakkaat

Everyone is a winner as Stellenbosch University students tell powerful stories

In celebration of South African Library Week (SALW) 2023 and its theme Libraries: Telling powerful stories, Stellenbosch University's Library and Information Service held a competition where we asked our clients to share their powerful stories about libraries.

Seven entries were received. The students' stories touched on several themes including libraries as safe, democratic spaces for all; libraries as spaces for exploration; libraries as social justice institutions; and librarians as agents of change that connect users to information and contributors

Snippets from some of the students' stories

Growing up as an International Student in South Africa, I was sort of ostracized in primary and high school. I never really fitted in or belonged. Libraries became a place of solace for me, they provided a grand escape into a world of anything I wanted. Alok More (Science student)

Needless to say, I fell in love with the library and I now spend every single day of the week as well as Saturdays here. There's a place for everyone in the library, it just takes time. Halalisiwe Mathonsi (Economic and Management Sciences student)

Libraries have always been a source of peace and knowledge for me. Anne Fleischack-Thomson (Education student)

When I turned six years old, my parents took me to our local library and helped me to fill out the form for my first library card... Now I'm an almost twenty-one years old, in my third year at university, and I'm still reading, still dreaming. Kayla Maritz (Arts and Social Sciences student)

Through books and other materials, libraries provide a window into different cultures, perspectives and experiences. Armand Knoetze (Economic and Management Sciences student)

to teaching, learning and research.

The Library ensured that everyone who wrote a library story walked away with a prize. The student whose story was deemed to be the most interesting received a R500 Van Schaik voucher, followed by two students who each received a R300 Van Schaik voucher, and the remaining four received R150 coffee vouchers, all for sharing their powerful library stories.

The Library held a hand-over ceremony of the vouchers on 21 April 2023. Each student was thanked for sharing their stories and congratulated on being worthy winners.

KIRCHNER VAN DEVENTER, MANAGER:
CARNEGIE RESEARCH COMMONS

JUNE 2023


LIASA-IN-TOUCH • VOL 24 • ISSUE 2 7

Figuur 37: Berig oor Biblioteekweek-kompetisie in Liasa-in-Touch

A stack of several old, worn books is shown from a top-down perspective. The spines of the books are visible, showing significant age and wear, with frayed cloth and dried floral elements attached to some of them. A large, stylized red circle is overlaid on the center of the image. Inside the circle, the number "10" is written in a bold, white, sans-serif font.

10

Slotopmerkings



Slotopmerkings

In hierdie jaarverslag het ons die Biblioteek se talle prestasies herleef en ook sommige uitdagings uitgewys. Dit is duidelik dat die Biblioteek, ondanks die struikelblokke, voortgegaan het om 'n bepalende rol in kennisskepping, leer en navorsing aan die US te speel ter vervulling van die ons eie én Universiteit se strategiese ambisies. In die proses het ons 'n paar eerste mylpale vir universiteitsbiblioteke in Afrika behaal. Daarmee het ons regstreeks bygedra tot die visie van die US as die toonaangewende navorsingsintensiewe universiteit in Afrika, wat wêreldwyd erkenning as uitnemend, inklusief en innoverend geniet; 'n plek waar ons kennis in diens van die samelewing bevorder. Ons het voor talle uitdagings te staan gekom weens begrotingsbeperkings en personeelomset. Nietemin het ons ons vennootskappe en samewerkende netwerk in die Universiteitsomgewing sowel as daarbuite aangewend om ons kernmandaat uit te voer.

Elke prestasie is moontlik gemaak deur die onwankelbare toewyding van die Biblioteekpersoneel. Dit is danksy hulle vindingrykheid en toewyding dat ons dit kon regkry om soveel van ons verpligtings gestand te doen. Hulle geesdrif vir hulle werk was onverbeterlik en ons het voortgeset gehaltdienste gelewer, ondanks terugslae.

Wat die pad vorentoe betref, besef ons dat ons met ontwikkelings en veranderings moet tred hou. Ons sal ons dienste en hulpbronne voortdurend assesseer en evalueer om te verseker dat ons beter aan kliëntebehoeftes en verwagtings kan voldoen. Dit sal ons voortdryf om uitnemendheid te bereik en 'n blywende impak op studente en navorsers te laat. As deel van ons bydrae tot die US se internasionaliseringsagenda sien ons daarna uit om die International Association of Music Libraries, Archives and Documentation Centres se 2024-kongres van 23 tot 28 Junie aan te bied.

Lede van die Biblioteekkomitee van die Senaat, 2023

Prof S Moyo (Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies; voorsitter)

Prof JE du Plessis (Uitgelese Professor: Fakulteit Regsgeleerdheid)

Prof N Gey van Pittius (Visedekaan: Navorsing, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe)

Dr D le Roux (Senior Lektor: Dept Inligtingkunde)

Dr C Makhetha (Senior Direkteur: Studentesake)

Prof P Meyer (Professor: Fakulteit Ingenieurswese)

Prof S Muller (Professor: Afrika Oop Instituut vir Musieknavorsing en Innovasie)

Prof D Ramjugernath (Adjunk-visekanselier: Leer & Onderrig)

Prof G Sigge (Medeprofessor: Voedselwetenskap)

Prof M Smith (Direkteur: Stellenbosch Bestuurskool)

Prof E Strauss (Professor: Biochemie)

Me E Tise (Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdienste)

Mnr W Sezoe (vir die Studenteraad)

Me H Swart (sekretaris)



Nota oor ontwerp:
Beelde gebruik vir hoofstukomslae sowel as beelde as
vullers kom uit versamelings van die Biblioteek se Spe-
siale Versamelings en DOMUS.